UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# Die verkoper se verpligtinge kragtens die gemenereg en die “Consumer Protection Act 68 of 2008”

deur

Johannes Petrus Hermanus Maree

Ingedien ter gedeeltelike voldoening aan die vereistes van die graad

Magister Legum

aan die

Universiteit van Pretoria

Onder begeleiding van Prof DJ Lötz

2011

© University of Pretoria

# Summary

The Consumer Protection Act (the CPA), 68 of 2008, has certainly evoked much debate and expectations in the consumer market. Most certainly, one of the most debated topics is how this new piece of legislation would influence common law of contract. Principles such as freedom to contract, *caveat emptor* and *pacta servanda sunt*, will from the effective date of this act certainly bear a new meaning. No longer will the consumer be faced with the might of the sword of the court's interpretation not to excuse contractual unfairness. The CPA seeks specifically to ensure contractual fairness through the principle of public policy and good faith, by promoting a fair, accessible and sustainable marketplace for consumer products and services, and for that purpose to establish national norms and standards relating to consumer protection.

The CPA burdens the seller with rigid obligations and creates a plethora of rights available to the consumer. To a certain extent these rights and obligations are similar to the common law rights and obligations of the parties to an agreement of sale. But, in certain instances these rights and obligations differ in a considerable way.

The main focus point of this dissertation is how the duties of a seller to an agreement of sale will be influenced and amended, either expressly or by implication. The study will start of with a brief discussion on the implementation and need for a Consumer Protection Act in South Africa, followed by the seller's common law obligations. Thereafter the systematic and application of the CPA will be set out, followed by an extensive discussion of the seller's obligations flowing from the CPA, as well as the specific differences as regards to the common law obligations. From here on, certain practical implications of the CPA will be discussed, followed by a general conclusion.

**HOOFSTUK 1** .......... **1**

*ALGEMENE INLEIDING* .......... *1*

1.1 Agtergrond .......... 1

1.2 Probleemstelling en grondslag van studie .......... 2

1.3 Metodologie en struktuur van studie .......... 2

1.4 Sleutelbegrippe en definisies .......... 3

**HOOFSTUK 2** .......... **5**

*'N GEBIEDENDE NOODSAAKLIKHEID AAN 'N "CPA"* .......... *5*

2.1 Inleiding .......... 5

2.2 Die nodigheid aan 'n CPA .......... 5

2.3 Ontwikkeling van die CPA .......... 7

2.4 Gevolgtrekking .......... 8

**HOOFSTUK 3** .......... **9**

*DIE GEMEENREGTELIKE KOOPKONTRAK* .......... *9*

3.1 Inleiding .......... 9

3.2 Aard en omskrywing van die koopkontrak .......... 9

3.3 Die verkoper se gemeenregtelike verpligtinge .......... 10

3.3.1 Bewaring van die koopsaak .......... 11

3.3.2 Remedies aan koper indien koopsaak beskadig is .......... 11

3.4 Lewering van die koopsaak .......... 12

3.4.1 Die koper se remedies by gebrekkige lewering .......... 12

3.4.1.1 Spesifieke nakoming .......... 13

3.4.1.2 Kansellasie .......... 13

3.4.1.3 Skadevergoeding .......... 13

3.5 Oordrag van eiendomsreg aan koper .......... 14

3.5.1 Remedies aan koper by algehele uitwinning .......... 15

3.5.2 Remedies aan koper by gedeeltelike uitwinning .......... 15

3.6 Waarborg teen verborge gebreke .......... 16

3.6.1 Remedies aan koper waar verborge gebreke in die koopsaak aanwesig is .......... 16

3.6.1.1 Waarborge deur regswerking .......... 16

3.6.1.2 Kontraktuele waarborge ........................................................ 17
3.7 Gevolgtrekking ................................................................. 17

**HOOFSTUK 4 ........................................................................... 18**

*SISTEMATIEK EN TREFWYDTE VAN DIE CPA ...................................... 18*

4.1 Inleiding ............................................................................ 18
4.2 Interpretasie en sleutelbegrippe ............................................ 18
4.2.1 Interpretasie ....................................................................... 18
4.2.2 Sleutelbegrippe .................................................................. 19
4.3 Doel, beleid en toepassing ..................................................... 26
4.3.1 Doel en beleid .................................................................... 26
4.3.2 Toepassingsgebied .............................................................. 28
4.4 Gevolgtrekking ................................................................... 29

**HOOFSTUK 5 ........................................................................... 30**

*DIE KOOPKONTRAK KRAGTENS DIE CPA ........................................... 30*

5.1 Inleiding ............................................................................ 30
5.2 Stilswyende en versweë terme en waarborge kragtens die CPA 30
5.3 Verpligting om die koopsaak te bewaar ..................................... 31
5.4 Oorgang van eiendomsreg en lewering ..................................... 32
5.4.1 Koper se remedies by gebrekkige lewering ............................. 33
5.4.2 Waarborg teen uitwinning .................................................... 34
5.5 Waarborg teen verborge gebreke en kwaliteit van goedere ......... 35
5.5.1 Koper se remedie indien koopsaak gebrekkig of defekitief is ... 38
5.6 Kansellasie en teruggawe van goedere ..................................... 39
5.7 Aanspreeklikheid vir skade deur goedere veroorsaak ................. 40
5.8 Afdwinging van remedies aan koper beskikbaar ......................... 41
5.9 Gevolgtrekking ................................................................... 42

**HOOFSTUK 6 ........................................................................... 43**

*ENKELE OPMERKINGS AANGAANDE MERIETE VAN DIE CPA ............ 43*

6.1 Inleiding ............................................................................ 43
6.2 Praktiese implikasies voortspruitend uit die CPA ........................ 43
6.3 Gevolgtrekking ................................................................... 44

**HOOFSTUK 7** .......... **46**

*ALGEMENE GEVOLGTREKKING* .......... *46*

**BIBLIOGRAFIE** .......... **48**

# HOOFSTUK 1

## *ALGEMENE INLEIDING*

### 1.1 Agtergrond

> "It is a sound principle of law that a man, when he signs a contract, is taken to be bound by the ordinary meaning and effect of the words which appear over his signature."[1]

In die afgelope eeu, was hierdie stelling tesame met die beginsels van kontrateervryheid, *caveat emptor* en *pacta servanda sunt,* die kader waarbinne kontraktuele interpretasie en afdwinging geskied het. Regsgeleerdes was dikwels in teenspraak met mekaar oor die rigiede afdwinging van kontraktuele verpligtinge in die afwesigheid van eng afgebakende verwere soos wanvoorstelling of dwang.[2] Howe het geweier om kontraktuele verpligtinge te verskoon bloot omdat dit onregverdig is. Die eertydse *exceptio doli generalis* waarmee regslui gepoog het om kontraktuele regverdigheid in berekening te bring, is formeel deur die Appèl Afdeling in *Bank of Lisbon and South Africa Ltd v De Ornelas*[3] afgeskaf.

'n Alternatiewe oplossing tot die gefaalde *exceptio doli generalis*, was die beginsels van openbare belang en goeie trou.[4] Nie een van hierdie beginsels kon 'n eenparige oplossing bied nie, en is uiteindelik kortgeknip deur die beslissing in *Brisley v Drotsky.*[5] In laasgenoemde saak is bevind dat howe nie algemene opvattings van goeie trou as dekmantel mag gebruik om partye van hul verpligtinge vry te spreek nie.

---

[1] Burger v Central South African Railways 1903 TS 571.
[2] Van Eeden (2009) 168.
[3] 1988(3) SA 580 (A).
[4] Lewis (2003) 120 SALJ 338.
[5] 2002 (4) SA 1 (SCA).

Kontrakteervryheid, *caveat emptor,* en *pacta servanda sunt* was absoluut verhewe bo die beginsel van regverdigheid, en dit was duidelik dat slegs wetgewing hierdie posisie kon verander.

Sedert die inwerkingtreding van die Grondwet,[6] en die handves van menseregte daarin vervat, kon daar nie verder toegelaat word dat verbruikers met lae bedingingsmag verder uitgebuit word nie. Na 'n breedvoerige internasionale studie, het die Suid-Afrikaanse Kommissie vir Regshervorming in 1996 'n omvattende verslag met betrekking tot verbruikersbeskerming gelewer. Met behulp van hierdie verslag en 'n konsep-wet deur die Departement van Handel en –Nywerheid ontwikkel, het die parlement uiteindelik die “Consumer Protection Act 68 of 2008”(hierna na die CPA), met die noodsaaklike oogmerk om 'n “billike, toeganklike en volhoubare markplek vir verbruikersprodukte- en dienste te bevorder”, goedgekeur.

## 1.2 Probleemstelling en grondslag van studie

Die CPA skep verskeie regte vir verbruikers, en plaas beswarende verpligtinge op verkopers. Tot 'n sekere mate stem hierdie regte en verpligtinge ooreen met, en tot 'n sekere mate verskil dit aansienlik van die gemeenregtelike kontraktereg, en meer relevant tot hierdie studie, die gemeenregtelike koopreg. Die grondslag van hierdie studie is om ondersoek in te stel na die mate waarin die verkoper se gemeenregtelike verpligtinge verskil van die verpligtinge aan hom opgelê kragtens die CPA.

## 1.3 Metodologie en struktuur van studie

Die struktuur van hierdie studie word in sewe hoofstukke ontleed, welke hoofstukke uit die volgende bestaan:

---

[6] Die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996 (hierna “die 1996 Grondwet”).

- In hoofstuk 2 word die totstandkoming en ontwikkeling van die CPA ontleed, met verwysing na die nodigheid daarvan in Suid-Afrika.
- Om volledigheidshalwe, word die koopkontrak kragtens die gemenereg, kortliks in hoofstuk 3 bespreek.
- Hierna word die sistematiek en trefwydte van die CPA in hoofstuk 4 uiteengesit, met verwysing na definisies spesifiek relevant tot die koopreg.
- In hoofstuk 5 volg 'n breedvoerige uiteensetting van die verkoper se verpligtinge kragtens die CPA. Die verskil tussen die gemenereg en CPA met betrekking tot die verkoper se verpligtinge word ook ontleed.
- Sekere praktiese implikasies van die CPA word in hoofstuk 6 bespreek, gevolg met 'n algemene gevolgtrekking in hoofstuk 7.

## 1.4 Sleutelbegrippe en definisies

Hierdie studie is gebaseer op die Afrikaanse vertaling van die CPA soos vertaal deur die vereniging van regslui vir Afrikaans. In sekere gevalle mag daar 'n verskil in konteks wees tussen die Afrikaans en Engelse weergawes, en sal dit spesifiek aangedui word.

Tensy anders vermeld, verwys "Die wet" of "Die CPA" na die *Consumer Protection Act 68 of 2008*. Om gerieflikheidshalwe, en tensy anders vermeld, beteken:[7]

**"Verkoper"**

Enige verskaffer of kleinhandelaar wat in die gewone loop van besigheid goedere aan 'n verbruiker verskaf, met inbegrip van die CPA se toepassingsgebied.[8]

---

[7] Afgelei uit hoofstuk 1 van die CPA en bespreek in *ch 4 infra.*
[8] Vir 'n bespreking rakende die CPA se toepassing *vide ch 4 infra.*

**"Koper"**

'n Verbruiker aan wie goedere verskaf of bemark is deur die sluit van 'n transaksie of ooreenkoms met 'n verskaffer of kleinhandelaar in die gewone loop van besigheid,[9] met inbegrip van die definisie van verbruiker.[10]

**"Koopsaak"**

Enige goedere wat die voorwerp is van 'n transaksie of ooreenkoms tussen verkoper en koper, met inbegrip van die definisie van goedere.

**"Koopkontrak"**

Die onderliggende verbintenis (koopkontrak) wat aanleiding gee tot 'n regsverhouding tussen 'n koper en verkoper en sluit in die definisie van *verskaf*, *transaksie, bemark* en *ooreenkoms,* soos in die CPA omskryf.

---

[9] In sekere gevalle sal die *gebruiker* van goedere ook as *"verbruiker"* in terme van die wet kwalifiseer ongeag of daardie gebruiker 'n party was by 'n transaksie betreffende die verskaffing van daardie bepaalde goedere. Vir doeleindes van hierdie studie word die gebruiker van goedere egter as die koper daarvan geag.

[10] *Vide ch 4 infra.*

# HOOFSTUK 2

## *'N GEBIEDENDE NOODSAAKLIKHEID AAN 'N "CPA"*

### 2.1 Inleiding

"It has long been seen as the law's business to protect the health and the economic interests of consumers."[11] Kopers neem dikwels oningeligte besluite met die verwagting dat 'n kontrak aan hul behoeftes en begeertes sal voldoen, terwyl dit later blyk dat die kontrak in geheel, of slegs sekere terme daarvan onredelik is.[12] Die CPA lê die basis vir 'n "era" van verbruikers in Suid-Afrika deur die invoering van 'n enkelvoudige en alomvattende wetgewende raamwerk met verbruikersbeskerming as uitgangspunt.[13] In hierdie hoofstuk word daar kortliks ondersoek ingestel na die nodigheid en ontwikkeling van die CPA binne die raamwerk van koopreg in Suid-Afrika.

### 2.2 Die wenslikheid aan 'n CPA

In die post-apartheid vryemark stelsel van Suid-Afrika, speel verbruikersbeskerming 'n uiters belangrike rol.[14] Weens die groeiende verbruikersmark in Suid-Afrika, is dit noodsaaklik dat ongeletterde verbruikers en/of verbruikers toeganklik vir vleiery, beskerm moet word.[15] Tans in Suid-Afrika is daar bestaande wetgewing in werking om verbruikers te beskerm, maar die meerderheid daarvan is óf toevallig tot verbruikersbeskerming,[16] óf

---

[11] Cartwright (1999) 3.
[12] SALRC Discussion paper 47: *Unreasonable Stipulations in Contracts and the Rectification of Contracts* (1996) 7.
[13] Du Preez (2009) 1 TSAR 58; aanhef van die CPA.
[14] Die aanhef van die CPA gee toe aan die realtiteit van 'n groot aantal van Suid-Afrikaanse verbruikers: Hoë vlakke van armoede, ongeletterdheid en ander vlakke van sosiale en ekonomiese ongelykhede, afgesonderde nedersettings, halfgeskooldes of ongeskooldes met beperkte vermoë om die presiese inhoud van kontraktuele terme te begryp ens.
[15] Du Preez (2009) 1 TSAR 63.
[16] Bv. Die Wet op Finansiële Advies en Tussengangerdienste 37 van 2002 en die Nasionale Kredietwet 34 van 2005.

sporadies teenwoordig in 'n talryke reeks wetgewing.[17] Die CPA is 'n sambreel statutêre dokument wat vorige verbruikersbeskerming wetgewing herroep en 'n uitsluitlike verbruikers wet daarstel.[18]

Die realiteit van die Suid-Afrikaanse verbruikersmark is dat kopers met verkopers kontrakteer sonder om die standaard terme van die kontrak te lees of die strekking en inhoud daarvan te onderhandel[19] en dat kopers se bedingingsmag as gevolg van die sogenaamde "take-it-or-leave-it" houding van verkopers ingeperk word.[20] Hierdie standaard terme is dikwels onbillik of onredelik omrede dit die verkoper se aanspreeklikheid en/of *ex lege* verpligtinge uitsluit of beperk ten koste van die koper.[21]

Wanneer die koper later bewus word van hierdie onbillike standaard terme waartoe hy gekontrakteer het, is daar min of geen regshulp beskikbaar omrede die Suid-Afrikaanse kontraktereg vir dekades lank gestuit is onder die veronderstelling dat regterlike toesig van kontrakte teenstrydig is met die fundamentele beginsel van kontrakteervryheid.[22] Howe is nie bereid om goedsmoeds die terme van 'n kontrak te verander nie, behalwe in gevalle waar die openbare belang duidelik geskend sal word.[23] Ten einde verbruikers in staat te stel om die mark met sekerheid te betree, is dit noodsaaklik vir 'n volledige, toeganklike en doelgerigte verbruikers wet wat 'n balans tref tussen

---

[17] Du Preez (2009) 1 TSAR 58; Du Plessis (2008) 20 SA Merc LJ 74; Wet op Vervreemding van Grond 68 van 1981, Wet op Mededinging 89 van 1998, Wet op Verbruikersake (Onbillike sakepraktyke) 71 van 1988, Wet op Nagemaakte Goedere 37 van 1997, Wet op Eiendomsagentskapaangeleenthede 112 van 1976, Wet op Behuisings- ontwikkelingskemas vir Afgetrede Persone 65 van 1988, Handelsmerke-Wet 17 van 1941, Wet op die Beheer van Eiendomstydsdeling 75 van 1941, Wet op Registrasie van Outeursreg in Rolprente 62 van 1977, Wet op Verkoop- en Diensaangeleenthede 25 van 1964, Wet op Handelsmetrologie 77 van 1973, Wet op Handelspraktyke 76 van 1976, Wet op Elektroniese Kommunikasies en Transaksies 25 van 2002, Wet op Voedingsmiddels, Skoonheidsmiddels en Ontsmettingsmiddels 54 van 1972, Wet op Geneties Gemanupileerde Organismes 15 van 1977 ens.

[18] Herroepe wetgewing sluit in: Aritkels 2 tot 13 en 16 tot 17 van die Handelsmerke-Wet 17 van 1941; Wet op Besigheidsname 27 van 1960; Wet op Verkoop- en Diensaangeleenthede 25 van 1964; Wet op Handelspraktyke 76 van 1976; Wet op Verbruikersake (Onbillike Sakepraktyke) 71 van 1988.

[19] Naudé (2006) 17 Stell LR 369.

[20] *Vide* Suisse v Rotterdamsche Kolen Centrale 1966 2 All Er 69 te 76: "In the ordinary way, the customer has no time to read [the standard terms], and, if he did read them, he would probably not understand them. If he did understand and object to any of them, he would generally be told the he could take it or leave it. If he then went to another supplier, the result would be the same…"

[21] Bv: A koop 'n motorvoertuig net om later uit te vind hy het geen eis op grond van 'n verborge gebrek in die koopsaak teen die verkoper nie.

[22] Lewis (2003) 120 SALJ 330; *Vide ch 1 supra.*

[23] Afrox Healthcare Bpk v Strydom 2002 (6) SA 21; Barkhuizen v Napier 2007 (5) SA 323; Brisley v Drotsky 2002 (4) SA 1.

die belange van koper en verkoper. Hiervandaan, die ontwikkeling en promulgering van die CPA.

## 2.3 Ontwikkeling van die CPA

Die goedkeuring en promulgering van die CPA is deur hewige debat en oorwegings voor afgegaan. Die "National Consumer Survey"[24] en die "Draft Green Paper on the Consumer Policy Framework"[25] is die resultaat van 'n uitgebreide navorsingsprojek wat deur die Departement van Handel- en Nywerheid onderneem is, en op 'n nuwe verbruikersbeskerming toedeling in Suid-Afrika gefokus het.[26] Die aanbevelings in hierdie twee dokumente vervat, in soverre dit verband hou met 'n omvattende nuwe verbruikers wet, is vervolgens oorhandig en aangebied aan die parlementêre portfolio komitee vir handel en nywerheid en by NEDLAC[27] ter tafel gelê.

'n Reglementêre impakstudie is onderneem en in 2006 het die departement van Handel- en Nywerheid die eerste wetsontwerp van die CPA vir publieke kommentaar gepubliseer.[28] Die derde en laaste wetsontwerp van die CPA is in 2008 vir publieke kommentaar gepubliseer[29] en bekend gestel aan die Nasionale Raad van Provinsies[30] en verwys na die komitee vir ekonomiese en buitelandse sake.[31] Na geringe wysigings is die CPA op 29 April 2009 deur president Kgalema Motlanthe gepromulgeer en goedgekeur.[32]

---

[24] Beskikbaar by http://www.dti.gov.za/protectingconsumers/nationalconsumersurvey.pdf (16-08-2010).
[25].Beskikbaar by: www.info.gov.za/view/downloadfileaction?id=68916 (16-08-2010).
[26] Du Preez (2009) 1 TSAR 59.
[27] National economic development and Labour council; *Ibid.*
[28] GN 418 *GG* 28629 (15-03-2006).
[29] GN 556 *GG* 31027 (05-05-2008).
[30] Byale 4 van die 1996 Grondwet, lys verbruikersbeskerming as 'n funksionele gebied van konkurrente nasionale en provinsiale wetgewende bevoegdheid. Die CPA is geklassifiseer as 'n gewone wetsontwerp wat al die provinsies affekteer en die Nasionale Vergadering het vervolgens die wetsontwerp na die Nasionale Raad van Provinsies (NRvP) verwys. In terme van art 76 van die 1996 Grondwet, moet die NRvP die wetsontwerp aanneem, 'n gewysigde wetsontwerp aanneem, of die wetsontwerp verwerp.
[31] Du Preez (2009) 1 TSAR 59.
[32] GN 467 *GG* 32186 (29-04-2009).

## 2.4 Gevolgtrekking

Die CPA is voor afgegaan deur hewige debat, navorsing, impakstudies en oorwegings en die nodigheid daarvan blyk dus duidelik uit die toepassingsgebied, trefwydte en verrykende bepalings daarvan.[33]

[33] *Vide ch 4* vir 'n bespreking hiervan.

# HOOFSTUK 3

## *DIE GEMEENREGTELIKE KOOPKONTRAK*

### 3.1 Inleiding

Die hedendaagse koopkontrak in die Suid-Afrikaanse reg stem wesenlik met die elemente van die gemeenregtelike koopkontrak ooreen en die regsbeginsels wat tans geld, stem grootliks met die gemeenregtelike regsbeginsels ooreen.[34] 'n Breedvoerige uiteensetting rakende die oorsprong, ontwikkeling en beginsels van die gemeenregtelike koopkontrak val buite die omvang van hierdie studie. Volledigheidshalwe word die moderne koopkontrak soos tans geld in die Suid-Afrikaanse reg kortliks bespreek met verwysing na die aard en omskrywing van 'n koopkontrak, die verkoper se verpligtinge en die koper se remedies.

### 3.2 Aard en omskrywing van die koopkontrak

In die vroeë Romeinse reg was die ruil kontrak die voorloper van die koopkontrak.[35] Eers in die laaste gedeelte van die Republikeinse tydperk[36] het die koopkontrak regserkenning verkry.[37] Die wese van die koopkontrak kan teen einde van die Republikeinse tydperk soos volg saamgevat word:[38]

> "[D]ie ooreenkoms tussen twee partye om teen 'n geldprys (*pretium*) te verhandel, die wilsooreenstemming (*consensus*) om so 'n verbintenis in die lewe te roep synde die grondslag van die kontrak en die maatstaf ingevolge waarvan dit beoordeel is synde die goeie trou (*bona fides*)."

[34] Lötz (1992) 25 *De Jure* 165; Nagel *et al* (2006) 106.
[35] Lötz (1991) 24 *De Jure* 217.
[36] 509 – 27 vC.
[37] MacKeurtan (1972) 1.
[38] Van Zyl (1977) 286.

Die hedendaagse koopkontrak in die Suid-Afrikaanse reg word as volg deur Lötz omskryf:[39]

> "[D]ie koopkontrak is 'n besondere benoemde wederkerige ooreenkoms om te koop en te verkoop, waarkragtens die verkoper die ware bedoeling het om 'n bepaalde of bepaalbare koopsaak en al die regte wat hy daarin het as prestasie verpligting ongestoord aan die koper regtens te laat toekom en as teenprestasie verpligting het die koper die ware bedoeling om 'n bepaalde of bepaalbare prys daarvoor te betaal."

Uit bogenoemde omskrywing skyn die aard van 'n geldige koopkontrak te wees dat die koper en verkoper *consensus* moet bereik oor die aard van die kontrak (om te koop en te verkoop), die *koopsaak* en die *prys*. By die sluit van 'n geldige koopkontrak ontstaan daar vir beide die koper en verkoper verpligtinge wat telkens deur die een party teenoor die ander nagekom moet word.[40]

## 3.3 Die verkoper se gemeenregtelike verpligtinge

In terme van 'n geldige koopkontrak is elke party gebonde aan die verpligtinge wat hy uitdruklik of stilswyend onderneem het en aan die verpligtinge wat deur regswerking aan 'n party toegeskryf word in die afwesigheid van 'n uitdruklike of stilswyende ooreenkoms.[41] Laasgenoemde verpligtinge staan bekend as *ex lege* verpligtinge,[42] en vloei voort uit die *naturalia* van 'n koopkontrak. Tensy uitdruklik of stilswyend tot die teendeel ooreengekom, is die verkoper verplig om die koopsaak tot en met lewering aan die koper te bewaar; lewering van die koopsaak aan die koper te bewerkstellig; eiendomsreg aan die koper oor te dra;[43] en die koper te waarborg teen verborge gebreke.[44] Dit

[39] Lötz (1992) 25 *De Jure* 163.
[40] Nagel *et al* (2006) 118.
[41] Kerr (2004) 158.
[42] *Ibid.*
[43] Indien verkoper ten aansien hiervan in gebreke bly, om die koper te waarborg teen uitwinning.
[44] Kerr (2004) 159.

staan die partye vry om by wyse van *incidentalia* die nakoming van hierdie verpligtinge heeltemal aan bande te lê of slegs beperkte nakoming daarvan te vereis.[45] Vervolgens sal die verkoper se verpligtinge en die koper se toepaslike remedies bespreek word.

### 3.3.1 Bewaring van die koopsaak

In gevalle waar die koopsaak nie direk na kontraksluiting aan die koper oorhandig word nie, rus daar 'n verpligting op die verkoper om die koopsaak met die sorg van 'n *bonus paterfamilias* te bewaar, tensy die reëls oor *mora* van toepassing is.[46] Die verkoper is aanspreeklik vir enige opsetlike of nalatige skade aan die koopsaak.[47] Indien die koper in *mora* verkeer, sal die verkoper slegs aanspreeklik wees op grond van growwe nalatigheid, opset of bedrog.[48]

Indien die koopsaak weens *vis maior* beskadig word, is die risiko leerstuk van toepassing. Hierdie leerstuk behels dat in die afwesigheid van 'n uitdruklike bepaling tot die teendeel, gaan die risiko by 'n koopkontrak ooreenkomstig die stelreël *perfecta emptione periculum ad emptorem respiciet* (na voltooiing van die koop sal die risiko die koper tref) na die koper oor.[49] Die koper is, tensy uitdruklik anders ooreengekom of indien die koop nog nie *perfecta* is nie, gevolglik verplig om die volle koopprys te betaal, ongeag die skade wat aan die koopsaak aangerig is.[50] Die risiko leerstuk dien as *naturalia* van 'n koopkontrak en dit staan die partye vry om dit te wysig of uit te sluit.[51]

### 3.3.2 Remedies aan koper indien koopsaak beskadig is

[45] Nagel *et al* (2006) 192.
[46] McQuoid-Mason (1997) 48.
[47] *Ibid.*
[48] *Ibid.*
[49] Lötz & Nagel (2002) 30; Gengan v Pathur 1977 1 SA 826 (D); *cf ch 5.3.*
[50] *Ibid.*
[51] Nagel *et al* (2006) 119.

Indien die verkoper nalatig aanspreeklik is vir enige skade aan die koopsaak is die koper geregtig om die koopkontrak te kanselleer, lewering van die koopsaak te weier, en/of skadevergoeding te eis.[52]

## 3.4 Lewering van die koopsaak

By die sluit van 'n geldige koopkontrak word die verkoper verplig om die koopsaak aan die koper te lewer.[53] Die verkryging en besit van die koopsaak is sekerlik die koper se hoofdoel tot kontraksluiting.[54] Lewering van die koopsaak aan die koper is die minimum vereiste alvorens eiendomsreg op die koper kan oorgaan.[55] "Lewering" kan verkeerdelik deur die leek verstaan word as die fisiese lewering of aflewering van die koopsaak by 'n plek soos deur die koper genomineer.[56] Hierdie verpligting bestaan egter daaruit dat tensy 'n gewoonte of handelsgebruik tot die teendeel dien, die verkoper die koopsaak slegs ter beskikking van die koper hoef te stel, sodat die koper op sy eie onkoste die koopsaak in besit kan neem.[57]

Lewering van onroerende eiendom geskied deur middel van registrasie in die naam van die koper in die relevante akteskantoor en ooreenkomstig die bepalings van die Registrasie van Aktes Wet, 47 van 1937.[58] Roerende liggaamlike sake kan op verskeie wyses gelewer word.[59] 'n Bespreking van die verskillende wyses van lewering hoort onder die sakereg en word nie verder bespreek nie.

### 3.4.1 Die koper se remedies by gebrekkige lewering

[52] Frumer v Maitland 1954 (3) 840 (A) te 845.
[53] McQuoid-Mason (1997) 45.
[54] LAWSA (ed Joubert) 24 par 74.
[55] Nagel *et al* (2006) 123.
[56] *Ibid n 54.*
[57] Gibson v Payn 1899 16 SC 289 te 289.
[58] *Ibid* vn 22.
[59] De manu in manum; traditio brevi manu, constitutum possessorium; Attornment; simboliese lewering; lewering deur merking; lewering met die lang hand.

Indien die verkoper geensins of gebrekkig lewer, het die koper die volgende remedies tot sy beskikking:

#### 3.4.1.1 Spesifieke nakoming

Spesifieke nakoming dien as die mees gepaste remedie wanneer die koper die koopsaak wil besit eerder as om die koopkontrak te kanselleer en / of skadevergoeding te eis.[60] Indien minder aan die koper getender word as werklik aan hom verkoop, mag die koper dit aanvaar en die uitstaande balans vanaf die verkoper opeis.[61]

#### 3.4.1.2 Kansellasie

Versuim om die koopsaak te lewer op die ooreengekome datum stel kontrakbreuk deur die verkoper daar en magtig die koper om die kontrak te kanselleer mits tyd tot wese van die kontrak is, of die reëls van mora nagekom is.[62] Waar goedere gelewer word anders as dit wat verkoop is, mag die kontrak ook gekanselleer word.[63]

#### 3.4.1.3 Skadevergoeding

Indien die verkoper versuim om die koopsaak te lewer, mag daar in die afwesigheid van 'n strafbeding, skadevergoeding geëis word.[64] Skadevergoeding word toegestaan met die doel om die koper in die hipotetiese posisie te plaas waarin hy sonder kontrakbreuk sou wees.[65] In aansluiting hierby, rus daar 'n mitigasie plig op die koper om sy skade te beperk. Hierdie reël behels dat as daar soortgelyke goedere beskikbaar is op

[60] LAWSA (ed Jouberr) 24 par 79.
[61] *Ibid*; Cedarmont Store v Webster & Co 1922 TPD 106 te 114; Mannix & Co v Osborn 1921 OPD 138 te 140.
[62] LAWSA (ed Joubert) 24 par 80.
[63] *Ibid*.
[64] LAWSA (ed Joubert) 24 par 81.
[65] *Ibid*; Nagel *et al* (2006) 65; Celliers v Papenfus & Rooth 1904 TS 73 te 83.

die relevante tydstip, die koper 'n geleentheid het om sy skade te beperk indien hy sodanige goedere op die relevante tydstip aankoop.[66]

## 3.5 Oordrag van eiendomsreg aan koper

Omrede die verkoper nie eienaar van die koopsaak hoef te wees nie,[67] rus die plig op 'n verkoper nie om te waarborg dat eiendomsreg sal oorgaan op die koper nie, maar eerder dat niemand met 'n beter titel in die koopsaak die koper sal uitwin of van sy volle gebruik en genot in die koopsaak sal verhinder nie.[68] Die koopsaak moet aan die koper gelewer word vry van enige besware.[69]

Indien die koopsaak onderworpe is aan regte van derdes wat nie tydens kontraksluiting bekend gemaak is nie, is die verkoper verplig om die koper te vergoed vir enige skade gely as gevolg daarvan.[70] Uitwinning kan verskillende vorms aanneem, onder andere:[71]

(a) Die ware eienaar eis die koopsaak op;[72]

(b) Die koopsaak beland in die hande van 'n derde en die koper is as gevolg van sy gebrekkige titel nie in staat om die koopsaak van die derde terug te vorder nie;[73]

(c) As gevolg van die reël *huur gaat voor koop,* is die koper verplig om sy gebruik en genot van die koopsaak onder sekere omstandighede vir die duur van huurkontrak aan die huurder af te staan;

(d) Die houer van 'n beperkte saaklike reg verhinder die koper om sy volle gebruik en genot van die koopsaak te benut.[74]

---

[66] Kerr (2004) 169.
[67] LAWSA (ed Joubert) 67 par 82.
[68] McQuoid-Mason (1997) 49.
[69] *Ibid*; Dit gebeur dikwels dat die ware eienaar die koopsaak opeis of dat die koopsaak beswaar is met 'n beperkte saaklike reg wat die koper se eiendomsreg daarin inperk.
[70] McQuoid-Mason (1997) 49; Nunan v Meyer (1905) 22 SC 203; York v Jones 1962 (1) SA 65 (SR).
[71] Nagel *et al* (2006) 200.
[72] Mdakane v Standard Bank of SA Ltd 1999 (1) SA 127 (W).
[73] Par Excellence Colour Printing (Pty) Ltd v Ronnie Cox Graphic Supplies (Pty) Ltd 1983 (1) SA 295 (A).
[74] Glaston House (Pty) Ltd v Inag (Pty) Ltd 1977 (2) SA 846 (A).

### 3.5.1 Remedies aan koper by algehele uitwinning

By algehele uitwinning is die koper kragtens die *actio ex empto* geregtig op:[75]

(a) Kansellasie van die koopkontrak;

(b) Terugbetaling van die volle koopprys;

(c) Skadevergoeding, welke skade die volgende kan insluit: Vrugte wat aan die ware eienaar afgestaan moes word, regskoste as gevolg van die uitwinningsgeding, onkostes ten aansien van verbeterings wat aan die koopsaak aangebring is en waardevermeerdering van die koopsaak.[76]

### 3.5.2 Remedies aan koper by gedeeltelike uitwinning

Die volgende gevalle kan onderskei word:[77]

(a) Indien die koper van so 'n aansienlike gedeelte van die koopsaak uitgewin is dat geen redelike man die oorblywende gedeelte sou gekoop het nie, kan die koper die koopkontrak kanselleer en die koopprys en skadevergoeding terugeis nadat hy teruggawe van die oorblywende deel van die koopsaak aangebied het;

(b) Waar die gedeelte wat uitgewin word nie van so 'n aansienlike omvang is nie, kan die koper die koopsaak behou en terugbetaling van 'n *pro rata* deel van die koopprys asook skadevergoeding van die verkoper eis.

Daar bestaan sekere reëls wat deur die koper nagekom moet word indien hy met uitwinning gedreig word.[78] Die bespreking van sodanige reëls val buite die bestek van hierdie studie en word dus nie verder bespreek nie.[79]

---

[75] Nagel *et al* (2006) 201; Alpha Trust (Edms) Bpk v Van der Watt 1975 (3) SA 734 (A).
[76] Nagel *et al* (2006) 202.
[77] Nagel *et al* (2006) 202; Lammers & Lammers v Giovannoni 1955 (3) SA 385 (A).
[78] Nagel *et al* (2006) 125.
[79] Vir 'n volledige bespreking, sien Kerr (2004) 187.

## 3.6 Waarborg teen verborge gebreke

Die verkoper se laaste verpligting is om die koper te waarborg teen 'n verborge gebrek in die koopsaak.[80] 'n Verborge gebrek is 'n gebrek in die koopsaak van 'n nie – onbenullige aard wat die gebruik nut van die koopsaak affekteer en wat nie tydens kontraksluiting aan die koper bekend was en ook nie met redelike sorgbesteding deur hom opgemerk kon word nie.[81] Hierdie waarborg kan óf deur middel van regswerking (as *naturale*) óf kontraktueel (as *incidentale*) geskied.[82]

### 3.6.1 Remedies aan koper waar verborge gebreke in die koopsaak aanwesig is

Die aard en strekking van 'n koper se verhaalsreg op grond van 'n verborge gebrek in die koopsaak sal telkens afhanklik wees van die vraag of daar 'n waarborg deur regswerking of 'n kontraktuele waarborg aanwesig was.[83]

#### 3.6.1.1 Waarborge deur regswerking

In enige koopkontrak is daar deur regswerking (as *naturale*) outomaties 'n waarborg teen die aanwesigheid van verborge gebreke, tensy hierdie waarborg deur ooreenkoms by wyse van voetstoots klousule uitgesluit word.[84] Die remedies in hierdie geval is die Aedilisiese aksies wat bestaan uit die *actio redhibitoria* (waarmee restitusie geëis word) en die *actio quanti minoris* (waarmee prysvermindering geëis word).[85] Geen skadevergoeding is met hierdie aksies verhaalbaar nie.[86]

---

[80] Nagel *et al* (2006) 127.
[81] Nagel *et al* (2006) 203; Dibley v Furter 1951 (4) SA 73 (K); Holmdene Brickworks (Pty) Ltd v Roberts Construction Co Ltd 1977 (3) SA 670 (A).
[82] Nagel *et al* (2006) 127; *cf ch 5.5* vir die posisie kragtens die CPA.
[83] Nagel *et al* (2006) 202.
[84] *Ibid.*
[85] *Ibid.*
[86] *Ibid.*

### 3.6.1.2 Kontraktuele waarborge

'n Verkoper kan kontraktueel (uitdruklik of stilswyend) teenoor die koper waarborg dat daar geen verborge gebreke in die koopsaak aanwesig is nie of dat die koopsaak geskik is vir die doel waarvoor dit aangekoop is.[87] Die remedie in geval van 'n kontraktuele waarborg is die *actio empti* waarmee kansellasie en skadevergoeding geëis kan word.[88] Die Aedilisiese aksies kan ook ten aansien van hierdie waarborg geïmplementeer word, maar uit 'n koper oogpunt is dit onwys aangesien skadevergoeding nie daarmee verhaal kan word nie.[89]

## 3.7 Gevolgtrekking

Soos blyk uit die bogenoemde bespreking is die werking en reëls ten aansien van 'n verkoper se verpligtinge lank gevestigde reëls en is die moderne koopreg wesenlik dieselfde as die gemeenregtelike (Romeinse) koopreg. Soos uit die opvolgende hoofstukke sal blyk, is die koper ingevolge 'n ooreenkoms deur die CPA gereguleer, in 'n baie meer gunstige posisie. Die CPA plaas beswarende verpligtinge op die verkoper, welke verpligtinge slegs in sekere gevalle gewysig of uitgesluit mag word.[90]

---

87 *Ibid.*
88 Nagel *et al* (2006) 204.
89 *Ibid.*
90 *Vide ch 5.*

# HOOFSTUK 4

## *SISTEMATIEK EN TREFWYDTE VAN DIE CPA*

---

## 4.1 Inleiding

Die bepalings van die CPA is verrykend, ambisieus, veeleisend en die eerste van sy soort in Suid-Afrika. Die CPA bring gekompliseerde regs- en kommersiële kwessies asook 'n definitiewe verandering in die huidige verbruikersmark van Suid-Afrika na vore. Regte waarop verbruikers kan aanspraak maak en die verpligtinge van verkopers word duidelik deur die CPA uitgespel.[91] Artikel 1 van die CPA bevat 'n uitgebreide lys van definisies. Hierdie definisies is van kardinale belang by die interpretasie en toepassing van die CPA en is daarom noodsaaklik om goed begryp te word. 'n Volstrekte en volledige ontleding van die CPA val buite die omvang van hierdie studie,[92] en vervolgens sal slegs die toepassingsgebied, interpretasie en sekere bepalings en woordomskrywings van die CPA wat spesifiek relevant is tot die koopreg, in hierdie hoofstuk bespreek word.[93]

## 4.2 Interpretasie en sleutelbegrippe

### 4.2.1 Interpretasie

---

[91] Du Preez (2009) 1 TSAR 58.
[92] Die CPA bestaan uit 7 hoofstukke en 122 artikels. Hoofstuk 1 handel met die uitleg, doel en toepassing van die wet. Hoofstuk 2 identifiseer fundamentele verbruikersregte en dit is die inhoud van hierdie hoofstuk wat aansienlik verskil van die gemeenregtelike verpligtinge van 'n verkoper en die remedies aan 'n koper. Hoofstuk 3 handel met die beskerming en uiting van verbruikersregte in die algemeen. Hoofstuk 4 reguleer besigheidsname en nywerheidsgedragkodes, terwyl hoofstuk 5 nasionale verbruikersbekerminginstellings reguleer. Hoofstuk 6 handel met die afdwinging van die wet en hoofstuk 7 handel met algemene bepalings insluitend 2 bylaes. Bylae 1 handel met die wysiging en herroeping van bestaande wetgewing terwyl bylae 2 handel met oorgangsbepalings.
[93] Tensy anders vermeld, word hierdie definisies in die woordomskrywingsklousule van die CPA vervat en waar van toepassing word sommige definisies elders bespreek.

Die CPA moet te alle tye uitgelê word op 'n wyse wat uitvoering gee aan die oogmerk en doel vermeld in artikel 3.[94] By die uitleg of toepassing van die wet deur 'n kommissie, hof of tribunaal, kan buitelandse reg, internasionale reg, toepaslike internasionale konvensies, verklarings en protokols met betrekking tot verbruikersbeskerming in ag geneem word.[95] Ingevolge artikel 2(2)(c) skep beslissings van 'n verbruikershof, ombud of arbiter 'n presedent tot die mate waarin so 'n beslissing nie deur die Hoë Hof, Hoogste Hof van Appèl of die Konstitutisonele Hof tersyde gestel, herroep of omvêrgewerp is nie.

Indien daar 'n teenstrydigheid is tussen die bepalings van die CPA en 'n ander wet, sal die wette konkurrent toegepas word in die mate waarin dit moontlik is om een van die teenstrydige bepalings toe te pas en na te kom sonder om die tweede te oortree.[96] Indien konkurrente toepassing van twee wette nie 'n oplossing bied nie, geniet die bepaling wat die meeste beskerming aan 'n verbruiker verleen, voorrang bo die alternatiewe bepaling.[97] Geen bepaling van die CPA moet uitgelê word as sou dit 'n verbruiker verhoed om enige regte ingevolge die gemenereg beskikbaar, uit te oefen nie.[98]

### 4.2.2 Sleutelbegrippe

**"Bemark"**

Wanneer as 'n werkwoord gebruik word, om goedere of dienste te bevorder of te verskaf.

**"Bevorder"**

Om-

---

[94] *Infra ch 4.3.*
[95] Art 2(2)(a) – (b).
[96] Art (2)9(a).
[97] Art (2)9(b).
[98] Art 2(10).

(a) goedere of dienste, in die gewone loop van besigheid, aan die hele of 'n gedeelte van die publiek vir teenprestasie te adverteer, uit te stal of aan te bied om te verskaf;

(b) 'n voorstelling in die gewone loop van besigheid te maak wat redelikerwys afgelei kan word 'n bereidheid uit te druk om goedere of dienste vir teenprestasie aan te gaan;

(c) in die gewone loop van besigheid enige ander handeling te verrig wat redelikerwys uitgelê kan word as 'n oorhaling of poging tot oorhaling van iemand om 'n transaksie aan te gaan.[99]

**"Eenheidsprys"**

'n Prys vir goedere of dienste uitgedruk met betrekking tot 'n welbekende maatstaf soos hoeveelheid, gewig, volume, tydsduur of ander meetbare eenheid waarmee die goedere of dienste aangebied word.

**"Gebruikte goedere"**

Wanneer gebruik ten opsigte van goedere wat bemark word, goedere wat voorheen aan 'n verbruiker verskaf is, maar nie ook goedere wat aan 'n verskaffer terugbesorg is ingevolge 'n reg van teruggawe in die wet beoog nie.

**"Goedere"**

Ook-

(a) enige iets wat bemark word vir menslike verbruik;

(b) enige tasbare voorwerp nie andersins beoog in paragraaf (a) nie, met inbegrip van enige medium waarop enigiets geskryf of geënkodeer is of kan word;

[99] Die CPA blyk dus reeds in die onderhandelingsfase tussen koper en verkoper van toepassing te wees.

(c) enige literatuur, musiek, foto, speelfilm, speletjie, inligting, data, sagteware, kode of ander ontasbare produk geskryf of geënkodeer op enige medium, of 'n lisensie om so 'n ontasbare produk te gebruik;

(d) 'n regsbelang in grond of ander onroerende eiendom, behalwe 'n belang wat binne die omskrywing van 'diens' in hierdie artikel val; en

(e) gas, water en elektrisiteit.

**"Goedere op spesiale bestelling"**

Goedere wat 'n verskaffer uitdruklik of stilswyend verwag is om te verkry, te skep, of spesifiek te wysig om aan die verbruiker se vereistes te voldoen.

**"Invoerder"**

Ten opsigte van bepaalde goedere, iemand wat daardie goedere van buite die Republiek in die Republiek inbring, of laat inbring, met die bedoeling om hulle in die gewone loop van besigheid beskikbaar te maak vir verskaffing.[100]

**"Kleinhandelaar"**

Ten opsigte van bepaalde goedere, iemand wat in die gewone loop van besigheid daardie goedere aan 'n verbruiker verskaf.[101]

**"Ooreenkoms"**

'n Reëling of verstandhouding tussen twee of meer partye wat voorgee om 'n regsverhouding tussen hulle te vestig.

**"Persoon"**

Sluit in 'n regspersoon.

---

[100] Die invoerder van goedere handel nie direk met 'n verbruiker nie.
[101] 'n Kleinhandelaar handel direk met 'n verbruiker.

**"Perseel"**

Ook grond, of enige gebou, struktuur, voertuig, skip, boot, vaartuig, vliegtuig of houer.

**"Produsent"**

Ten opsigte van bepaalde goedere, iemand wat-

(a) die goedere binne die Republiek verbou, kweek, oes, myn, genereer, raffineer, skep, vervaardig of andersins voortbring, of enige van daardie dinge laat doen, met die bedoeling om hulle in die gewone loop van besigheid vir verskaffing beskikbaar te maak; of

(b) deur die toepassing van 'n persoonlike of besigheidsnaam, handelsmerk, handelsbeskrywing of ander visuele voorstelling op of met betrekking tot die goedere, 'n redelike verwagting geskep of gevestig het dat die persoon iemand is soos beoog in paragraaf (a).

**"Prys"**

Wanneer gebruik word met betrekking tot-

(a) 'n voorstelling deur artikel 23 vereis vertoon te word, ook enige merk, kennisgewing of visuele voorstelling wat redelikerwys afgelei kan word 'n verband tussen goedere of dienste en die waarde van die teenprestasie waarvoor die verskaffer bereid is om daardie goedere of dienste te verkoop of te verskaf, aan te dui of uit te druk;[102] of

(b) die teenprestasie vir enige transaksie, die totale bedrag betaal of betaalbaar deur die verbruiker aan die verskaffer ingevolge daardie transaksie of ooreenkoms, met inbegrip van enige bedrag wat die verskaffer moet hef, vorder of invorder ingevolge 'n openbare regulasie.

[102] Artikel 23 vereis dat pryse op 'n sekere wyse uitgestal behoort te word en sluit in 'eenheidsprys' soos hierbo bespreek.

**“Teenprestasie”**

Enigiets van waarde gegee en aanvaar in ruil vir goedere of dienste, met inbegrip van-

(a) geld, eiendom, 'n tjek of ander verhandelbare instrument, 'n bewys, 'n kaartjie, elektroniese krediet, krediet, debiet, of elektroniese skyfie of soortgelyke voorwerp;

(b) arbeid, ruilhandel of ander goedere of dienste;

(c) lojaliteit krediet of –toekenning, koepon of ander reg om 'n aanspraak uit te oefen; of

(d) enige ander ding, onderneming, belofte, ooreenkoms of versekering, ongeag die ooglopende of intrinsieke waarde daarvan, of hetsy dit direk of indirek oorgedra word, of slegs die verskaffer en gebruiker of ander partye benewens die verskaffer en verbruiker betrek.

**“Transaksie”**

Die wet is van toepassing op elke transaksie gesluit binne die Republiek van Suid-Afrika tensy dit spesifiek uitgesluit is.[103] Die wet is nie op enige transaksie van toepassing indien die waarde van die transaksie die drempel ingevolge die wet oorskry nie.[104] Die definisie van ‘transaksie’ maak voorsiening vir vier verskillende wyses van onderhandeling:

(a) ten opsigte van iemand wat in die gewone loop van besigheid optree-

---

[103] Art 5(1)(a); Dit is onseker of die woord “gesluit” behels dat beide die aanbod en aanname in Suid-Afrika moet plaasvind, wat in teenstelling is met “gesluit of effek in Suid-Afrika” soos bepaal in die “National Credit Act 34 of 2005”. Die Engelse teks bevat die woord “occur” wat direk na Afrikaans vertaal “plaasgevind” beteken. Dit blyk dus dat tensy die ooreenkoms in Suid-Afrika “gesluit” is, buitelandse vervaardigers wat uitvoer na Suid-Afrika, nie geraak word deur die bepalings van art 61 nie. Die trefwydte en omskrywing van “transaksie” in art 5(8) *infra* bevat geen helderheid hieroor nie.

[104] Art 5(2)(b)(i); Die drempel-bedrag sal in die regulasies bekend gemaak word, welke regulasies steeds uitgevaardig moet word.

(i) 'n ooreenkoms tussen daardie persoon en een of meer ander persone vir die verskaffing of potensiële verskaffing van goedere of dienste in ruil vir teenprestasie; of

(ii) die verskaffing deur daardie persoon aan of volgens opdrag van 'n verbruiker van goedere of dienste vir teenprestasie; of

(iii) die verrigting, deur of volgens opdrag van daardie persoon van dienste aan of volgens opdrag van 'n verbruiker vir teenprestasie; of

(b) 'n interaksie beoog in artikel 5(6), ongeag of dit binne paragraaf (a) val of nie.[105]

'n "Transaksie" het dus drie kenmerke naamlik: Die *ooreenkoms,* die uiteindelike *verskaffing* van die goedere en die lewering van *dienste.* 'n Ooreenkoms wat eensklaps gesluit word, is dus van die CPA se bepalings uitgesluit.[106]

**"Verbruiker"**

Ten opsigte van bepaalde goedere of dienste,

(a) Iemand aan wie die bepaalde goedere of dienste in die gewone loop van die verskaffer se besigheid bemark word;

(b) iemand wat 'n transaksie met 'n verskaffer in die gewone loop van die verskaffer se besigheid aangegaan het, tensy die transaksie van die wet vrygestel is deur artikel 5(2) of ingevolge artikel 5(3);

(c) indien die samehang aldus vereis of toelaat, 'n gebruiker van daardie bepaalde goedere of 'n ontvanger of bevoordeelde van daardie bepaalde dienste, ongeag of daardie gebruiker, ontvanger of bevoordeelde 'n party by 'n transaksie betreffende die verskaffing van daardie bepaalde goedere of dienste was; en

---

105 Art 5(6) bevat 'n verduidelikkende uiteensetting van 'transaksies' wat onderhewig is aan die bepalings van die CPA.

106 Met ander woorde goedere wat verkoop of dienste wat gelewer word en nie kwalifiseer as "in die verskaffer se gewone loop van besigheid" nie bv. 'n privaat transaksie tussen twee persone.

(d) 'n konsessiehouer ingevolge 'n konsessie-ooreenkoms, in die mate toepaslik ingevolge artikel 5(6)(b) tot (e).

**"Verbruikershof"**

'n Liggaam met daardie naam, of 'n verbruikerstribunaal, wat ingevolge toepaslike provinsiale verbruikerswetgewing ingestel is.

**"Verbruikersooreenkoms"**

'n Ooreenkoms tussen 'n verskaffer en 'n verbruiker behalwe 'n konsessie-ooreenkoms.

**"Verskaf"**

Wanneer as 'n werkwoord gebruik-

(a) met betrekking tot goedere, ook verkoop, verhuur, verruil en uithuur vir teenprestasie in die gewone loop van besigheid; of
(b) met betrekking tot dienste, die verkoop van dienste, of om hulle te verrig of te laat verrig of te voorsien, of om toegang te verleen tot 'n perseel, gebeurtenis, aktiwiteit of fasiliteit vir teenprestasie in die gewone loop van besigheid.

**"Verskaffer"**

Iemand wat goedere of dienste bemark.[107]

**"Verskaffingslyn"**

Ten opsigte van bepaalde goedere of dienste, die geheel van alle verskaffers wat direk of indirek op hul beurt bydrae tot die uiteindelike verskaffing van

[107] 'n Verskaffer handel direk met 'n koper.

daardie goedere of dienste aan die verbruiker, hetsy as 'n produsent, invoerder, verspreider of kleinhandelaar van goedere, of as 'n diensverskaffer.

Wanneer 'n verbruiker skade gely het ingevolge die bepalings van artikel 61, kan die verbruiker enige verskaffer in die verskaffingslyn aanspreeklik hou vir daardie skade. Indien daar in 'n bepaalde geval meer as een persoon ingevolge artikel 61 aanspreeklik is, is hulle gesamentlik en afsonderlik aanspreeklik.[108]

**"Verspreider"**

Met betrekking tot bepaalde goedere, iemand wat in die gewone loop van besigheid-

(a) deur 'n produsent, invoerder of ander verspreider van daardie goedere voorsien word; en

(b) op sy of haar beurt daardie goedere aan of 'n ander verspreider of 'n kleinhandelaar verskaf.

## 4.3 Doel, beleid en toepassing

### 4.3.1 Doel en beleid

Die hoofsaaklike doel van die CPA is om:[109]

- die maatskaplike en ekonomiese welstand van verbruikers in Suid-Afrika te bevorder en te verhoog;
- 'n wetlike raamwerk vir die bereiking en instandhouding van 'n verbruikersmark tot stand te bring, wat billik, toeganklik,

[108] Artikel 61(3).
[109] Artikel 3(1)(a)-(h).

doeltreffend, volhoubaar, verantwoordelik en tot voordeel van verbruikers in die algemeen is;

- nadele wat ten opsigte van toegang tot die verskaffing van goedere of dienste ondervind word deur verbruikers te verminder en te versag;[110]
- billike besigheidspraktyke te bevorder;
- verbruikers te beskerm teen gewetenlose, onregverdige of andersins onbehoorlike handelspraktyke en oneerlike, misleidende of bedrieglike gedrag;
- verbruikersbewustheid en inligting te verbeter en verantwoordelike en ingeligte verbruikerskeuse en gedrag aan te moedig;
- vir 'n konsekwente, toeganklike en doeltreffende stelsel van konsensuele beslegting van geskille wat uit verbruikerstransaksies voortvloei, voorsiening te maak.

In enige aangeleentheid wat ingevolge die CPA voor die Tribunaal[111] of hof[112] gebring word:[113]

- moet die hof die gemenereg, waar nodig, ontwikkel om die verwesenliking en genieting van verbruikersregte in die algemeen te verbeter, en in besonder deur persone beoog in artikel 3(1)(b);
- moet die Tribunaal of hof, na gelang van die geval, die gees en oogmerke van die Wet bevorder, en 'n *innoverende bevel*[114] maak wat die verwesenliking van verbruikers se regte ingevolge die Wet verhoog, beskerm, bevorder en verseker.

---

[110] Artikel 3(1)(b) spesifiseer die volgende persone: lae-inkomste persone, persone in afgeleë of ylbevolkte gemeenskappe, minderjarige, senior burgers of ander soortgelyke kwesbare verbruikers, verbruikers wie se vermoë om advertensies, merke, ooreenkomste, waarskuwings en kennisgewings te lees en begryp as gevolg van lae geletterdheid of beperkte vermoë om die taal waarin sodanige inligting vervat is, te verstaan. Dit is duidelik dat die CPA strewe daarna om persone met lae bedingingsmag te beskerm.

[111] Die Nasionale Verbruikerstribunaal ingestel deur artikel 26 van die "National Credit Act 34 of 2005".

[112] Die omskrywing van "hof" sluit nie "verbruikershof" in nie. Derhalwe is die hof waarin hier na verwys word, 'n siviele hof met jurisdiksie oor die aangeleentheid.

[113] Artikel 4(2)(a)-(b).

[114] Dit is onseker wat met "innoverende bevel" bedoel word. Volgens die CPA skep sulke innoverende bevele 'n presedent. 'n Aangeleentheid wat op so subjektiewe maatstaf beoordeel word, blyk onregverdig teenoor die verkoper te wees.

Indien enige bepaling in die Wet uitgelê kan word om meer as een betekenis te hê, moet die Tribunaal of hof die betekenis verkies wat die beste die gees en oogmerke van die Wet bevorder.[115] Ingevolge artikel 4(4) moet die tribunaal of hof, tot die mate waarin die versoenbaar is met die bevordering en oogmerke van die Wet, standaardvorm kontrakte uitlê tot voordeel van die verbruiker sodat:[116]

- 'n dubbelsinnigheid wat meer as een redelike uitleg van 'n gedeelte van so 'n dokument moontlik maak, tot voordeel van die verbruiker beslis word; en
- 'n inperking, beperking, uitsluiting of ontneming van 'n verbruiker se wetlike regte in so 'n dokument of kennisgewing uiteengesit, beperk word in die mate waarin 'n redelike persoon gewoonlik sou beoog of verwag, met inagneming van-
  - die inhoud van die dokument;
  - die wyse waarop en vorm waarin die dokument voorberei en aangebied is;
  - die omstandighede van die transaksie of ooreenkoms.

### 4.3.2 Toepassingsgebied

Die CPA is van toepassing op elke transaksie gesluit in Suid-Afrika, vir die lewering, verskaffing of aanmoediging van goedere of dienste sowel as die goedere en dienste self, tensy sulke goedere of dienste nie die redelike onderwerp van 'n transaksie in terme van die CPA kan wees nie. Ingevolge artikel 5(8) is die CPA van toepassing op 'n transaksie ongeag of die verskaffer se hoof plek van besigheid of woning in Suid-Afrika is, die verskaffer handel vir wins of nie, 'n natuurlike- of regspersoon, vennootskap,

[115] Artikel 4(3).
[116] Naudé (2010) 127 SALJ 506; Art 4(4)(a) skep 'n statutêre *contra preferentum* reël aangesien verskaffers se standaardvorm kontrakte téén sodanige verskaffers geinterpreteer sal word. Die hof word dus versoek om die verbruiker se posisie te wysig sodat 'n beter ooreenkoms in sy guns beslis kan word. Dit blyk uiters onregverdig te wees teenoor die verkoper.

privaat- of publieke maatskappy, trust of entiteit besit of gelisensieer deur die staat is nie.

In terme van artikels 1, 5(2), 5(3) en 5(4) is die CPA nie van toepassing nie op 'n transaksie:

- vir die verskaffing of aanmoediging van goedere of dienste aan die Staat;
- gesluit met 'n regspersoon wie se jaarlikse batewaarde of omset ten tye van die ooreenkoms gelyk is aan of meer is as die drempelwaarde soos deur die Minister bepaal in terme van artikel 6;
- indien die transaksie binne 'n vrystelling val ingevolge subartikels (3) en (4) deur die Minister verleen;[117]
- wat 'n kredietooreenkoms ingevolge die "National Credit Act"[118] uitmaak, maar die goedere of dienste wat die onderwerp van die kredietooreenkoms is, nie van die bestek van die Wet uitgesluit is nie;
- betreffende dienste kragtens 'n dienskontrak verskaf te word;
- wat uitvoering gee aan 'n kollektiewe bedingings ooreenkoms binne die bedoeling van artikel 23 van die 1996 Grondwet en die Wet op Arbeidsverhoudinge[119];
- wat uitvoering gee aan 'n kollektiewe ooreenkoms soos omskryf in artikel 213 van die Wet op Arbeidsverhoudinge.

## 4.4 Gevolgtrekking

Soos blyk uit die bogenoemde, is die CPA se bepalings verrykend en omvattend. In die volgende hoofstuk sal die invloed van hierdie bepalings op die verkoper se gemeenregtelike verpligtinge ondersoek word.

[117] Op aanvraag van 'n spesifieke industrie, mag die Minister sogenaamde industrie vrystel van die CPA se bepalings ten einde 'n verdubbeling van reeds bestaande regulasies onder nasionale wetgewing te voorkom. Bv. Die Prokureursorde het reeds aansoek gedoen om vrygestel te word van die CPA se bepalings omrede die Wet op Prokureurs sogenaamde industrie voldoende reguleer.
[118] 34 of 2005.
[119] Wet 66 van 1995.

# HOOFSTUK 5

## *DIE KOOPKONTRAK KRAGTENS DIE CPA*

### 5.1 Inleiding

Gemeenregtelik word daar in die afwesigheid van 'n uitdruklike of stilswyende bepaling tot die teendeel sommige verpligtinge aan die verkoper toegeskryf.[120] Hierdie verpligtinge staan bekend as *ex lege* verpligtinge, vloei voort uit die *naturalia* van 'n koopkontrak, en kan vryelik deur die partye beperk of uitgesluit word.[121]

In enige koopkontrak onderhewig aan die CPA is daar versweë terme en waarborge. Hierdie versweë terme en waarborge behels sekere verpligtinge vir die verkoper, terwyl slegs sekere daarvan gewysig of uitgesluit mag word. In hierdie hoofstuk word sodanige verpligtinge ontleed en ondersoek ingestel na die mate waarin dit van die verkoper se gemeenregtelike verpligtinge afwyk.

Dit moet by uitstek genoem word dat die CPA nie 'n koper van sy regte kragtens die gemenereg ontneem nie,[122] en in sommige gevalle mag die CPA en die gemenereg konkurrent op 'n koopkontrak van toepassing wees. Die doel van hierdie studie is nie om die CPA se bepalings telkens weer te gee en te herhaal nie en daarom sal slegs sekere verbandhoudende bepalings aangehaal en bespreek word.

### 5.2 Stilswyende en versweë terme en waarborge kragtens die CPA

[120] *Supra n 41.*
[121] *Supra 'n 45.*
[122] *Supra n 98.*

Soos reeds genoem, is daar verskeie versweë terme en voorwaardes in 'n koopkontrak kragtens die CPA, welke terme en voorwaardes die verkoper met verpligtinge belas. Sommige van hierdie verpligtinge mag deur ooreenkoms gewysig of uitgesluit word, maar die CPA skep egter sekere onafwysbare regte tot voordeel van die koper.[123] Kragtens artikel 49(1) gelees met artikel 49(4), moet enige bepaling in 'n ooreenkoms wat voorgee om die verkoper se aanspreeklikheid te beperk, of 'n risiko vanaf die verkoper na die koper te verskuif, op 'n opvallende wyse onder die aandag van die koper gebring word en die aandag van 'n gewone waaksame koper sal trek.[124] Nietemin, die versweë waarborge in die CPA belas die verkoper steeds met verpligtinge. Elk van hierdie verpligtinge word vervolgens bespreek.

## 5.3 Verpligting om die koopsaak te bewaar

Tensy uitdruklik andersins bepaal of verwag, is dit 'n versweë voorwaarde van elke koopkontrak dat die risiko ten aansien van die koopsaak op die verkoper bly totdat die koper lewering van die koopsaak aanvaar.[125] Derhalwe is die verkoper verplig om die koopsaak tussen kontraksluiting en lewering met die sorg van 'n *bonus paterfamilias* te bewaar.[126] Hierdie posisie geld ook waar die partye 'n bêre-koop ooreenkoms sluit.[127]

Die gemeenregtelike risiko leerstuk, ooreenkomstig die stelreël *perfecta emptione periculum ad emptorem respiciet* (na voltooiing van die koop sal die risiko die koper tref), moet uitdruklik in 'n koopkontrak kragtens die CPA

---

[123] Byvoorbeeld die koper se reg op goeie gehalte goedere en die versweë waarborg van gehalte kragtens art 55 en 56.

[124] *Vide* die bespreking van hierdie artikel *infra ch 6.2.*

[125] Art 19(2)(c); Hierdie is wel 'n versweë bepaling wat deur ooreenkoms uitgesluit of gewysig mag word, maar dit kan tot uitermatige ongewensde resultate lei vir 'n oningeligte verkoper. Dit is onseker of so 'n oningeligte verkoper in sommige gevalle kan "verwag" dat die bepaling stilswyend gewysig is.

[126] Daar moet ag geslaan word op die feit dat die CPA nie tussen skuldige of onskuldige skade aan die koopsaak onderskei nie. Die praktiese gevolg hiervan is dat die verkoper, in die afwesigheid van 'n uitdruklike andersluidende bepaling in die koopkontrak, selfs aanspreeklik gehou kan word vir skade aan die koopsaak veroorsaak weens *vis maior*. Kragtens art 47(5) wat handel met oorverkopings en -besprekings, word 'n verkoper vrygespreek van aanspreeklikheid vir gevolge buite sy beheer. Die verkoper behoort dieselfde beskerming te geniet met betrekking tot sy bewaringsplig kragtens art 19(2)(c) aan hom opgelê.

[127] Ingevolge art 62 behels 'n bêre-koop ooreenkoms die volgende: Die koper en verkoper sluit 'n koopooreenkoms ingevolge waarvan die verkoper die koopsaak in sy besit hou, totdat die koper die volle koopprys daarvoor in periodieke paaiemente betaal het.

*ingesluit* word.[128] Die presiese oomblik wanneer die koper lewering van die koopsaak aanvaar is van besondere belang aangesien die verkoper dan van sy bewaring plig verlig word. Kragtens artikel 19 sal 'n koper geag word lewering van die koopsaak te aanvaar indien hy uitdruklik of stilswyend tot dien effekte aan die verkoper kommunikeer, of wanneer die koopsaak aan die koper gelewer is en die koper enigiets met betrekking tot daardie koopsaak doen wat onversoenbaar is met die verkoper se eienaarskap, of die koper na verloop van 'n redelike tyd die koopsaak behou sonder om aan die verkoper kennis van verwerping daarvan te gee.[129]

Indien die partye egter die werking van artikel 19(2)(c) gewysig het, in ooreenstemming met gemeenregtelike posisie dat die koper na voltooiing van die ooreenkoms die risiko sal dra, bestaan daar onsekerheid aangaande die verkoper se bewaring plig ingevolge die CPA indien die koper in *mora* verkeer. Die CPA maak geensins hiervoor voorsiening nie en gevolglik behoort die gemeenregtelike posisie te geld, synde dat die verkoper slegs aanspreeklik is op grond van growwe nalatigheid, opset of bedrog.[130]

## 5.4 Oorgang van eiendomsreg en lewering

Tensy uitdruklik andersins bepaal of verwag, is dit 'n versweë voorwaarde van elke koopkontrak dat:[131]

- Die verkoper op sy eie onkoste verantwoordelik is om die koopsaak te lewer op die ooreengekome datum, tyd en plek.[132]

---

[128] Hierdie posisie verskil *in toto* met die gemeenregtelike posisie, aangesien die werking van die risiko-reël gegeld het in afwesigheid van 'n bepaling tot die teendeel. Ingevolge die CPA, geld die omgekeerde, naamlik dat die verkoper die risiko sal dra tensy 'n uitdruklike bepaling tot die teendeel in die koopkontrak beding is.

[129] Kragtens art 19(5) mag die koper, wanneer 'n verkoper lewering van die koopsaak aanbied, versoek dat die goedere nagegaan word met die doel om vas te stel of die goedere van 'n soort en gehalte is wat redelikerwys in die ooreenkoms beoog is of ooreenkom met die wesenlike spesifikasies van 'n spesiale bestelling in die geval van 'n spesiale bestelling-ooreenkoms. Indien die koper enige goedere verwerp, magtig art 20(2)(b) die koper op teruggawe van die goedere en terugbetaling van die prys deur hom betaal.

[130] *Supra n 46.*

[131] Art 19 (2)(a) – (b).

[132] Indien daar geen ooreengekome tyd is nie, moet die goedere binne 'n redelike tyd na sluiting van die transaksie gelewer word. Wat as *redelike tyd* kwalifiseer, sal na gelang van elke geval bepaal word.

- Indien geen datum, tyd of plek op ooreengekom is nie, sal die plek van lewering die verkoper se hoof plek van besigheid wees.[133]

Artikel 19 handel nie met oorgang van eiendomsreg *per se* nie. Die uitspraak in Lendalease Finance (Pty) Ltd v Corporacion De Mercadeo Agricola[134] dien vermelding. Die appèlafdeling in hierdie saak is van mening dat:

- Blote kontraksluiting nie eiendomsreg laat oorgaan nie;
- By 'n kontant koop gaan eiendomsreg na betaling en lewering *parri passu* oor;
- By 'n krediet koop gaan eiendomsreg deur blote lewering oor, onderhewig aan die bestaan van 'n bedoeling dat krediet uitdruklik of stilswyend verleen is.

### 5.4.1 Koper se remedies by gebrekkige lewering

Indien die verkoper die koopsaak lewer by 'n plek of tyd anders as met die koper ooreengekom, kan die koper die lewering van die koopsaak by sodanige ander plek aanvaar of, indien moontlik, lewering vereis soos ooreengekom, of die ooreenkoms sonder boete kanselleer en die gelewerde koopsaak as ongevraagde goedere ooreenkomstig artikel 21 hanteer.[135]

Indien die verkoper 'n groter hoeveelheid van goedere as wat die koper ingestem het om te koop, aan die koper lewer, kan die koper al die gelewerde goedere verwerp, of lewering van die goedere aanvaar, die ooreengekome

[133] Indien die verkoper nie 'n hoofplek van besigheid het nie, sal die plek van lewering die verkoper se woonplek wees.
[134] 1976 4 SA 464 (A).
[135] Art 19(6); Die praktiese implikasie van art 21 is dat, onderworpe aan sekere vereiestes, iemand wat op 'n regmatige wyse ongevraagde goedere behou, onvoorwaardelike eiendomsreg oor daardie goedere verrkry, onderworpe slegs aan 'n reg of geldige aanspraak wat 'n onbetrokke derde party ten opsigte van daardie goedere mag hê. Die persoon wat die ongevraagde goedere verkoop of gelewer het is aan enige ander persoon aanspreeklik ten opsigte van 'n reg of geldige aanspraak met betrekking tot sodanige goedere.

tarief vir die ooreengekome hoeveelheid betaal en die oorskot hoeveelheid as ongevraagde goedere ooreenkomstig artikel 21 hanteer.[136]

Indien die verkoper ooreengekome goedere vermeng met goedere nie in die ooreenkoms beoog nie, kan die koper lewering van die goedere wat in ooreenstemming met die ooreenkoms is aanvaar en die res verwerp, of al die gelewerde goedere verwerp.[137]

### 5.4.2 Waarborg teen uitwinning

Gemeenregtelik is die verkoper verplig om die koper te waarborg dat niemand met 'n beter titel in die koopsaak die koper sal uitwin, of van sy volle gebruik en genot in die koopsaak sal verhinder nie.[138] Deur 'n koper te waarborg teen uitwinning, verseker die verkoper in effek dat hy die koper skadeloos sal stel indien iemand met 'n beter titel in die koopsaak die koper dreig met uitwinning.[139] Kragtens artikel 44 van die CPA het elke koper die reg om te aanvaar, en dit is 'n versweë bepaling van elke ooreenkoms, dat die verkoper geregtig is om die koopsaak te verkoop.

By die verkoop van goedere *per se*, het die koper 'n reg om te aanvaar dat die verkoper die wettige reg of die magtiging van die regmatige eienaar het om daardie goedere te verkoop.[140] Indien 'n koopooreenkoms gesluit word, het die koper die reg om te aanvaar dat die verkoper 'n wettige reg of die magtiging van die wettige eienaar sal hê om die goedere te verkoop op die

---

[136] Art 19(7).
[137] Art 19(8).
*[138] Supra n 68.*
[139] Kerr (2004) 188; Mostert *et al* (1972) 166; Nagel (2005) 17 SA Merc LJ 375; Lammers en Lammers 1955 3 SA 385 (A). Om die koper skadeloos te stel, kan die verkoper se moontlike optrede die volgende insluit: Die verkoper kan sessie van regte van die koper bekom en tussenbeide tree; die koper bystaan deur die nodige bewyse van 'n goeie titel te verskaf; homself laat voeg as medeverweerder; of nie verplig is om die koper by te staan nie, maar net die geleentheid moet kry om hom te vrywaar teen 'n latere skadevergoedingseis indien die koper wel uitgewin word.
[140] Art 44(1)(a).

tydstip wat die titel tot daardie goedere aan die koper oorgedra moet word.[141] Die effek hiervan is dat die verkoper nie voor kontraksluiting, of as 'n bepaling in die kontrak, aan die koper hoef te openbaar dat hy die ware eienaar van die koopsaak is of magtiging van die eienaar van die koopsaak het nie.[142] Artikel 44(1) swyg egter aangaande die oorgang van eiendomsreg en lewering van die goedere, en moet daarom saamgelees word met artikel 19.[143]

'n Verkoper is ten volle aanspreeklik vir enige koste of beswaring met betrekking tot die koopsaak *vis-à-vis* enige derde party, tensy sodanige koste of beswaring skriftelik aan die koper bekend gemaak is, of die partye saamgespan het om die die derde party te bedrieg.[144] Die verkoper waarborg ook dat die koper ongestoorde gebruik en genot oor die koopsaak sal hê.[145] Indien 'n derde party se reg of aanspraak op goedere ingeperk word as gevolg van 'n ooreenkoms tussen die koper en verkoper, sal die verkoper aanspreeklik wees teenoor die derde party tot die mate waarin sodanige reg of aanspraak op die goedere ingeperk is.[146]

## 5.5 Waarborg teen verborge gebreke en kwaliteit van goedere

In enige koopkontrak is dit nie onredelik van 'n koper om te verwag dat die koopsaak aan sekere standaarde van kwaliteit en gehalte sal voldoen nie.[147] Indien die koper wel probleme met die koopsaak ondervind as gevolg van swak gehalte of kwaliteit, sal 'n fynskrif klousule in die kontrak dikwels die aanspreeklikheid van die verkoper uitsluit.[148] Artikel 55 en 56 van die CPA verleen aan 'n koper die reg op veilige, goeie gehalte goedere en 'n versweë waarborg van gehalte.

[141] Art 44(1)(b); Die verskil tussen artikel 44(1)(a) en (b) is dat eersgenoemde artikel van toepassing is wanneer die koopsaak dadelik aan die koper gelewer word, terwyl laasgenoemde artikel toepassing sal vind indien die koopsaak op 'n latere stadium gelewer moet word.
[142] Van Eeden (2009) 221.
[143] *Supra n 132.*
[144] Art 44(1)(c).
[145] Art 44(1)(d).
[146] Art 44(2).
[147] Van Eeden (2009) 223.
[148] *Ibid.*

In enige ooreenkoms vir die verskaffing van goedere aan 'n verbruiker, is daar 'n versweë bepaling dat die produsent of invoerder, die verspreider en die kleinhandelaar elk waarborg dat die goedere aan die vereistes en standaarde van artikel 55 voldoen, behalwe in die mate wat daardie goedere verander is teenstrydig met die instruksies daarvan, of nadat dit die produsent of invoerder, 'n verspreider of kleinhandelaar, na gelang van die geval, se beheer verlaat het.[149] Artikel 55(2) bepaal dat elke koper die reg het om goedere te ontvang wat:

- redelikerwys gepas is vir die oogmerke waarvoor hulle in die algemeen bedoel is;[150]
- van goeie gehalte, in goeie werkende toestand en vry van enige defekte is;[151]
- vir 'n redelike tydperk bruikbaar en duursaam sal wees, met inagneming van die gewone gebruik daarvan en al die omstandighede rondom die verskaffing daarvan;[152] en
- aan enige standaarde kragtens die Wet op Standaarde,[153] of enige ander openbare regulasie vasgestel, voldoen.[154]

By die vasstelling of goedere aan bogenoemde standaarde voldoen, moet al die omstandighede van die verskaffing van daardie goedere in ag geneem word, met inbegrip van maar nie beperk nie tot:

- die wyse waarop, en die oogmerke waarvoor die goedere bemark, verpak en uitgestal is, die gebruik van 'n handelsbeskrywing of –merk,

[149] Art 56(1).
[150] Art 55(2)(a); Benewens hierdie reg bepaal subartikel (3) dat indien 'n koper die verkoper spesifiek in kennis gestel het van die bepaalde doel waarvoor die koopsaak aangeskaf word, en die verkoper gewoonlik aanbied om sodanige goedere te verkoop, of op 'n wyse optree wat bestaanbaar is met kundigheid rakende die gebruik van daardie koopsaak, het die koper die reg om te verwag dat die koopsaak redelikerwys geskik is vir daardie spesifieke doel deur hom aangedui.
[151] Art 55(2)(b); Die definisie van 'n 'defek' word in art 53 omskryf as: 'n Wesenlike tekortkoming in die vervaardiging van die goedere, wat die goedere minder aanvaarbaar maak as wat persone in die algemeen redelikerwys geregtig is om in die omstandighede te verwag; of 'n eienskap van die goedere wat dit minder bruikbaar, geskik of veilig maak as wat persone in die algemeen redelikerwys geregtig is om in die omstandighede te verwag.
[152] Art 55(2)(c).
[153] 29 van 1993; Hierdie wet is herroep deur art 36 van "The Standards Act 8 of 2008" en dit is onseker of die wetgewer bedoel het om steeds na die standaarde soos uiteengesit in die herroepe wet, te verwys.
[154] Art 55(2)(d).

enige instruksies vir of waarskuwing ten opsigte van die gebruik van die goedere;[155]

- die reeks dinge wat redelikerwys verwag kan word met of met betrekking tot die goedere;[156] en
- die tydstip waarop die goedere vervaardig en verskaf is.[157]

By die interpretasie van artikel 55(4), is dit nie ter sake of 'n produkgebrek of – defek verborge of sigbaar is, en of dit voor ontvangs van die goedere deur die verbruiker opgemerk kon word nie.[158] Die standaarde soos uiteengesit kragtens artikel 55(2)(a) – (b) is nie op 'n ooreenkoms van toepassing nie, indien die koper uitdruklik ingelig is dat die bepaalde goedere in 'n spesifieke toestand is;[159] en uitdruklik toegestem het om daardie goedere in daardie toestand te aanvaar, of wetend op 'n wyse opgetree het wat bestaanbaar is met aanvaarding van die goedere in daardie toestand.[160]

Die voortbestaan van voetstoots verkope hang af van hoe artikel 55 en 56 geïnterpreteer word.[161] As 'n streng interpretasie van die wet se bepalings gevolg word, kan 'n saak nie meer "soos dit is" verkoop word nie vanweë die feit dat die verkoper ingevolge artikel 55(6) die "spesifieke toestand" van goedere aan 'n koper moet openbaar.[162] In so 'n geval blyk die verkoper se enigste opsie te wees om die koopsaak voetstoots ooreenkomstig artikel 55(6) aan te bied, op grond daarvan dat hy nie kan instaan vir die waarheid van die saak se geskiedenis nie.[163] Hierdie interpretasie blyk veral absurd te wees in die tweedehandse motor industrie.[164] Die doel van 'n voetstoots klousule is juis om 'n saak te verkoop "soos dit is", met alle gebreke en

[155] Art 55(4)(a).
[156] Art 55(4)(b).
[157] Art 55(4)(c).
[158] Art 55(5)(a).
[159] Art 55(6)(a).
[160] Art 55(6)(b).
[161] Morrisey & Coetzee (2010) 10 Without Prejudice 12
[162] Morrisey & Coetzee (2010) 10 Without Prejudice 12; Dit wil voorkom asof die *caveat emptor* reël deur hierdie bepaling afgeskaf word.
[163] Neem die volgende voorbeeld: X verkoop sy gebruikte motor voetstoots aan Y, 'n tweedehandse motorhandelaar. Die CPA is nie op die ooreenkoms tussen X en Y van toepassing nie aangesien dit 'n transaksie is wat eensklaps gesluit word. Gestel dat Y, in die gewone loop van sy besigheid, die motor later aan Z verkoop. Vervolgens is die CPA van toepassing op die ooreenkoms tussen Y en Z en word daar 'n buitensporige verpligting op Y geplaas om aanspreeklikheid te aanvaar vir gebreke waarvan hy onbewus is.
[164] *Ibid.*

tekortkominge, en sodoende die verkoper te beskerm teen aanspreeklikheid vir verborge gebreke (waarvan hy onbewus is).

'n Meer aanvaarbare interpretasie is dat die verkoper 'n saak voetstoots mag verkoop indien die koper *uitdruklik* ingelig is dat die saak verkoop word *soos dit is* en die koper *uitdruklik* toestem om die koopsaak in daardie toestand te aanvaar, of wetend op 'n wyse optree wat bestaanbaar is met die aanvaarding van die koopsaak in daardie spesifieke toestand.[165] 'n Voetstoots klousule moet dus uitdruklik, in ooreenstemming met art 49,[166] onder die aandag van 'n koper gebring word.

'n Verdere probleem met artikel 56 is die feit dat 'n koper enige party in die verskaffingslyn aanspreeklik kan hou vir skade gely. Gestel 'n produsent het sekere goedere voetstoots verkoop aan 'n kleinhandelaar wat dit op sy beurt verkoop het aan 'n verbruiker. Indien die goedere defektief is, het die verbruiker duidelik 'n verhaalsreg teen die kleinhandelaar. Is dit regverdig dat die verbruiker 'n verhaalsreg teen die produsent het al is die goedere voetstoots deur laasgenoemde aan die kleinhandelaar verkoop?

In antwoord hierop is daar twee aspekte wat oorweeg moet word: Aan die een kant, met inagneming van regverdigheid en gelykheid, sou mens verwag dat die voetstoots klousule afgedwing word.[167] Aan die ander kant, met betrekking tot 'n dubbelsinnigheid in die wet, moet die betekenis wat die beste die gees en oogmerke van die wet en die verwesenliking en genieting van verbruikersregte in die algemeen bevorder, verkies word.[168] Vanweë die CPA se nuutheid en vooruitstrewendheid, is dit onseker hoe howe die bepalings daarvan gaan interpreteer.[169]

### 5.5.1 Koper se remedie indien koopsaak gebrekkig of defektief is

---

[165] Art 55(6)(a)-(b).
[166] *Infra ch 6.2*
[167] Morrisey & Coetzee (2010) 10 Without Prejudice 13.
[168] *Ibid;* Art 4(3).
[169] *Ibid.*

Indien goedere gelewer aan die koper nie aan die vereistes en standaarde soos in artikel 55 beoog, voldoen nie, mag die koper sodanige goedere binne 6 maande[170] na lewering daarvan aan die verkoper teruggee, sonder boete en op die verkoper se risiko; en die verkoper moet op die koper se lasgewing die goedere herstel of vervang, of die prys deur die koper vir die goedere betaal, aan die koper terugbetaal.[171] Die koper het dus die keuse om te eis dat: Die koopsaak herstel of vervang word; of die ooreenkoms gekanselleer word en restitusie plaasvind. Derhalwe is dit nie meer nodig vir 'n koper om te bewys dat die gebrek in die koopsaak wesenlik is nie, soos in *De Vries v Wholesale Cars*[172] beslis. Hierdie reg op teruggawe en kansellasie is bykomstig tot die koper se regte in terme van artikel 20, asook enige versweë waarborg in terme van die gemenereg.[173]

## 5.6 Kansellasie en teruggawe van goedere

Artikel 20 verleen aan die koper 'n remedie om goedere aan hom gelewer aan die verkoper terug te gee indien:

- hy nie die geleentheid gehad het om voor lewering die goedere na te gaan nie, en lewering van daardie goedere vir enige van die redes in artikel 19(5) verwerp het;[174]
- 'n mengsel van goedere aan hom gelewer is en hy enige van die gemengde goedere ingevolge artikel 19(8) geweier het;[175]
- hy ingevolge artikel 55(3) aan die verkoper gekommunikeer het dat die goedere 'n bepaalde doel moet dien, en 10 dae na lewering die goedere ongeskik vir sodanige doel bevind.[176]

---

[170] Dit is onseker of hierdie 6 maande tydperk verwys na die bestaansduur van die versweë waarborg (in welke geval 'n voetstootsklousule 6 maande na kontraksluiting in werking sal tree), of tenuitvoerlegging van die remedies (in welke geval die versweë waarborg onbepaald sal bestaan en die gewone reëls van verjaring sal geld).
[171] Art 56(2)(a)-(b); Hierdie remedie kan 'n praktiese probleem daarstel indien 'n onroerende saak reeds in die naam van die koper oorgedra is en 'n verband oor die eiendom geregistreer is.
[172] 1986 2 SA 22 (O).
[173] Art 56(4).
[174] Art 20(2)(b).
[175] Art 20(2)(c).
[176] Art 20(2)(d).

Goedere teruggeebaar ingevolge die bogenoemde bepalings, moet op die verkoper se onkoste en risiko terug gegee word.[177] By die teruggawe van die goedere, moet die verkoper aan die koper die prys vir die goedere betaal, terugbetaal, minus 'n redelike bedrag vir herverpakking en –verkoping kostes en die gebruik van die goedere.[178]

Bogenoemde bepalings blyk veral problematies en onaanvaarbaar te wees vir nuwe motorvoertuig handelaars. 'n Nuwe motorvoertuig se waarde kan tot 25% verminder as gevolg van lewering en gebruik daarvan.[179] Die oomblik wanneer 'n motorvoertuig geregistreer word, word dit as tweedehands beskou en kan dit nie as 'n nuwe motorvoertuig herverkoop word nie.[180] Die toegelate kostes vir herverpakking en –verkoping regverdig nie die finansiële impak van die motorvoertuig se waardevermindering voortspruitend uit registrasie en gebruik daarvan nie.[181]

## 5.7 Aanspreeklikheid vir skade deur goedere veroorsaak

Enigiemand in die verskaffingslyn is ongeag enige nalatigheid, teenoor die koper aanspreeklik vir skade[182] in geheel of gedeeltelik veroorsaak as gevolg van die verskaffing van onveilige, gebrekkige of defektiewe goedere, of die voorsiening van onvoldoende instruksies met betrekking tot gevaar voortspruitend uit gebruik van goedere.[183] Indien daar in 'n bepaalde geval meer as een persoon in die verskaffingslyn aanspreeklik is, sal hulle gesamentlik en afsonderlik teenoor die koper aanspreeklik wees.[184]

---

[177] Art 20(4)(b).
[178] Art 20(5)-(6).
[179] "Synopsis of submissions made on the Consumer Protection Bill" Beskikbaar by http://www.pmg.org.za/files/docs/080625submissions.pdf (13-08-2010).
[180] *Ibid.*
[181] *Ibid.*
[182] Ingevolge sub-artikel 5 sluit skade in: Die dood, siekte of besering van 'n natuurlike persoon; 'n verlies van, of fisiese skade aan roerende of onroerende eiendom; en ekonomiese verlies voortspruit uit die voorafgaande.
[183] Art 61(1).
[184] Art 61(3); In terme van sub-artikel 6, mag die hof: Bepaal of skade bewys is en genoegsaam beperk is; die mate en monetêre waarde van skade, met inbegrip van ekonomiese verlies, vas te stel; en die aanspreeklikheid tussen persone wat gesamentlik en afsonderlik aanspreeklik is, toedeel.

## 5.8 Afdwinging van remedies aan koper beskikbaar

Die aanhef van die CPA bepaal dat innoverende middele nodig is ten einde effektiewe herstel aan verbruikers te bied. In ooreenstemming hiermee is dit deel van die wet se oogmerk om vir 'n toeganklike, konsekwente, geharmoniseerde, effektiewe en doeltreffende stelsel vir herstel aan verbruikers voorsiening te maak.[185] Die koper kan die volgende instansies nader indien die verkoper nie sy verpligtinge ingevolge die wet nakom nie:

- Die verbruikerstribunaal;[186]
- die ombud van die relevante provinsie (indien daar een is);[187]
- die verbruikershof van die relevante provinsie (indien daar 'n verbruikershof is);[188]
- 'n alternatiewe geskilbeslegting agent soos beoog in artikel 70 van die wet;
- 'n siviele hof met jurisdiksie oor die aangeleentheid.[189]

In terme van artikel 69(d) mag enige persoon soos in artikel 4(1)[190] beoog, 'n hof nader ten einde enige reg in terme van die wet af te dwing, met dien verstande dat sodanige hof jurisdiksie oor die aangeleentheid het, en alle ander remedies in terme van nasionale wetgewing aan daardie persoon beskikbaar, uitgeput is.

Die uiteindelike effek van artikel 69(d) is dat 'n verbruiker gedeeltelik van sy reg ooreenkomstig artikel 3(1)(h) ontneem word.[191] Die oogmerk van CPA is onder andere, om lae inkomste persone soos in art 3(1)(b) beoog te beskerm. Lae inkomste persone sal nie oor genoegsame fondse beskik om eers alle

[185] Art 3(1)(h).
[186] Art 69(a).
[187] Art 69(b).
[188] Art 69(c)(ii).
[189] Art 69(d).
[190] Hierdie persone sluit in: Iemand wat namens homself optree; 'n gemagtigde persoon wat names iemand anders optree wat nie in sy eie belang kan optree nie; iemand wat as 'n lid van of in belang van 'n groep of klas geaffekteerde persone optree; iemand wat in die openbare belang optree, met verlof van die tribunaal of hof, na gelang van die geval; en 'n vereniging wat in die belang van sy lede optree.
[191] Van Eeden (2009) 301.

remedies onder nasionale wetgewing uit te put nie. Die oogmerk van artikel 3 in die algemeen, word deur artikel 69(d) verydel.

## 5.9 Gevolgtrekking

Ingevolge die gemeenregtelike koopkontrak, kan partye hul verpligtinge vryelik wysig of uitsluit ooreenkomstig hul behoeftes. Die CPA plaas meer beswarende verpligtinge op die verkoper, en in sommige gevalle soos hierbo bespreek, kan sodanige verpligtinge nie gewysig of uitgesluit word nie. In gevalle waar die wysiging of uitsluiting van 'n verpligting toegelaat word, mag dit nie onredelik, onregverdig of onbillik teenoor die koper wees nie. Dit is ondenkbaar dat enige persoon 'n ooreenkoms sal aangaan indien dit van die begin af tot die uitsluitlike voordeel van die ander party daartoe geïnterpreteer moet word. Die gevolg hiervan is dat die mark in sekere segmente sal stagneer, en die onvermydelike aanspreeklikheid vir risiko's wat op verkopers geplaas word, hoër transaksie kostes vir kopers sal beteken.

# HOOFSTUK 6

## *ENKELE OPMERKINGS AANGAANDE MERIETE VAN DIE CPA*

### 6.1 Inleiding

Die CPA plaas beswarende verpligtinge op verkopers, verbied sekere gedrag, bevestig verbruikersregte en maak voorsiening vir die afdwinging van verbruikersregte. Die oogmerke deur die CPA beoog, hou onvoorsiene praktiese implikasies in, en verkopers onderhewig aan die wet se grootste uitdaging is nie net die voldoening daaraan nie, maar ook die implementering daarvan.

### 6.2 Praktiese implikasies voortspruitend uit die CPA

Die CPA sal onvoorsiene praktiese implikasies meebring wat onder andere insluit, die skuldlose aanspreeklikheid van verskaffers en die impak wat dit op klein besighede kan hê, die swaar las op verkopers ingevolge die versweë waarborg van kwaliteit,[192] en die implikasies verbonde aan die afdwing van verbruikersregte.[193] Hierdie implikasies kan lei tot tydrowende vertragings, oortollige litigasie en "forum shopping".[194]

In enige dispuut voor 'n hof of tribunaal, rakende die bepalings en interpretasie van 'n standaardkontrak, moet sodanige kontrak tot voordeel van die verbruiker uitgelê word.[195] Die probleem hiermee is dat prokureurs kontrakte opstel tot voordeel van hul kliënte, hetsy verskaffers of verbruikers.[196] In sommige gevalle mag 'n verbruiker groter wees as die verskaffer, en sal die verbruiker onregverdig bevoordeel word.[197]

---

192 *Supra ch 5.5.*
193 Candy (2009) 339 Personal Finance Newsletter 6; Business day (2008 – 08 – 09).
194 *Ibid.*
195 Art 4(4)(a).
196 *Ibid n 193.*
197 *Ibid n 193.*

Ingevolge artikel 49 moet enige uitsluitingsklousule onder die verbruiker se aandag gebring word.[198] Art 49 swyg oor die formaat van 'n kennisgewing wat genoegsaam "opvallend" is om die "gewone waaksame koper" se aandag daarop te vestig. 'n Standaard kennisgewing in fynskrif op die rugkant van 'n ooreenkoms sal klaarblyklik nie voldoende wees nie aangesien die oorgrote meerderheid van kopers hul nie aan die terme op die rugkant steur nie, inaggenome die moeite om dit te lees en te begryp.[199] 'n Handtekening van die koper langsaan of onder die uitsluitingsklousule behoort daarop te dui dat die koper daarvan bewus gemaak is. Sodra die koper sy handtekening by die uitsluitingsklousule aanbring, word dit geag asof daar op 'n wyse soos in artikel 49 beoog, in 'n eenvoudige taal aan hom verduidelik is, presies wat die inhoud en effek van so uitsluitingsklousule is.[200]

Artikel 49 verstrek geen sanksie vir die nie-nakoming daarvan nie, behalwe dat dit as onbillik, onredelik of onregverdig geag word.[201] Artikel 52(4)(a)(ii) magtig 'n hof om 'n bepaling wat nie aan artikel 49 se vereistes voldoen nie, van die ooreenkoms te skrap, of dit van geen effek of krag op die ooreenkoms te beveel. Om van 'n verbruiker te verwag om 'n hof[202] te nader om 'n bepaling in 'n ooreenkoms te skrap, inaggenome die kostes en risiko's verbonde aan litigasie, sal die oogmerk van hierdie artikel verydel.[203]

## 6.3 Gevolgtrekking

Die CPA sal in April 2011 in werking tree, maar teenswoordig is daar slegs konsep regulasies vir kommentaar geopenbaar. Die goedkeuring van die finale regulasies word sekerlik in spanning deur elke verkoper onderhewig aan die wet afgewag. Finansiële implikasies verbonde aan die

[198] *Supra n 125.*
[199] Naudé (2009) 126 SALJ 508.
[200] Litigasie voortvloeiend uit hierdie bepaling is so seker as twee maal twee vier is. Daar is geen sanksie vir die nie-nakoming van hierdie artikels en dit is onseker op wie die bewyslas rus met betrekking tot die geldigheid of nietigheid van 'n uitsluitingsklousule.
[201] Art 48(2)(d)(ii).
[202] "Hof" in hierdie opsig blyk slegs 'n siviele hof (lae of hoë hof) te wees en nie 'n verbruikershof nie. *Vide* omskrywing van hof *supra ch 4.*.
[203] *Ibid; d*ie kostes verbonde aan litigasie in 'n siviele hof is buite die bereik van 'n normale verbruiker en meer spesifiek, die persone vermeld in art 3(1)(b) *supra*.

implementering van die wet, wat insluit personeel opleiding en hersien van standaard kontrakte, sal hoër transaksie kostes vir kopers beteken. Alhoewel die CPA poog om 'n edele doel te dien, is die bepalings daarvan alles behalwe maklik verstaanbaar of verbruikers-vriendelik.[204] Vir die CPA om *in optima forma* te funksioneer, moet verbruikers, en veral artikel 3(1)(b) vermelde persone, opgevoed en attent gemaak word op hul regte en die teenwoordigheid van onregverdige of onbillike terme in kontrakte.[205]

[204] Du Preez (2009) 1 TSAR 82.
[205] *Ibid.*

# HOOFSTUK 7

## *ALGEMENE GEVOLGTREKKING*

> [T]he bill appears to codify large areas of the common law and generally acceptable practices which are common place and prevalent in the South African market place. Common law evolves over a protracted period of time through common practice and court mechanisms and application, enforcement and resultant practices. Allowing this practice to be overlooked and replaced by a more rigid system will give rise to grave and serious consequences. The uncertainty created through the removal of established common law principles will result in increased litigation and a lack of confidence in South Africa's economy.[206]

Uit die bogenoemde stelling blyk daar definitiewe implikasies en kostes te wees voortvloeiend uit die implementering van die CPA se bepalings. Besighede sal standaard kontrakte moet hersien sodat 'n redelike persoon dit as redelik en billik sal beskou. Hierdie kostes sal na alle waarskynlikheid na die koper geskuif word. Sommige van die CPA se bepalings sal aanleiding gee tot litigasie, en die interpretasie van sodanige bepalings sal die hoof faktor wees in die uitkoms van die aangeleentheid. In sekere gevalle mag 'n voorsittende beampte "innoverende bevele" maak, ten einde die gees en oogmerk van die wet te bevorder. Aangesien die voorsittende beampte se opvatting van "innoverend" van dag tot dag kan verskil, sal aangeleenthede subjetkief beoordeel word, wat meebring dat daar onsekerheid tussen besighede en verbruikers sal heers.

Sedert die grondwetlike bedeling van Suid-Afrika in 1994, is amper elke vertakking van die reg onderhewig gestel aan die onvermydelike beginsel van gelykheid en soms dié van 'n sosialistiese staat. Verbruikersbeskerming en

[206] "Synopsis of submissions made on the Consumer Protection Bill" Beskikbaar by http://www.pmg.org.za/files/docs/080625submissions.pdf (13-08-2010).

die koopreg het glad nie hierdie maatstaf ontduik nie. Beide van hierdie regsvertakkinge is deurlopend beïnvloed en aangevul deur wetgewing, regspraak en openbare regulasies. Die CPA blyk die uiteindelike en algehele staanspoor na gelykheid in die verbruikersmark te wees.

Myns insiens, en met respek, is die CPA oop vir misinterpretasie wat kan lei tot die impotensie van die vryemark as gevolg van verkopers wat nie bereid is om hul kapitaalreserwes en veral reputasie op die spel te sit nie. Weens die risiko om skuldloos aanspreeklik gehou te word, sal buitelandse beleggers twee keer dink voor hul produkte in Suid-Afrika bemark word. *Caveat emptor* blyk dus 'n nuwe betekenis te hê: "*Verkoper*, wees op jou hoede."

---

Woordetal: 12810

# BIBLIOGRAFIE

## A) Primêre bronne

### 1. Wetgewing

Consumer Protection Act 68 of 2008.

Die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996.

Handelsmerke Wet 17 van 1941.

National Credit Act 34 of 2005.

The Standards Act 8 of 2008.

Wet op Arbeidsverhoudinge 66 van 1995.

Wet op Behuisings- ontwikkelingskemas vir Afgetrede Persone 65 van 1988.

Wet op Besigheidsname 27 van 1960;

Wet op die Beheer van Eiendomstydsdeling 75 van 1941.

Wet op Elektroniese Kommunikasies en Transaksies 25 van 2002.

Wet op Eiendomsagentskapaangeleenthede 112 van 1976.

Wet op Finansiële Advies en Tussengangerdienste 37 van 2002.

Wet op Geneties Gemanupileerde Organismes 15 van 1977.

Wet op Handelsmetrologie 77 van 1973, Wet op Handelspraktyke 76 van 1976.

Wet op Mededinging 89 van 1998.

Wet op Nagemaakte Goedere 37 van 1997.

Registrasie van Aktes Wet, 47 van 1937

Wet op Registrasie van Outeursreg in Rolprente 62 van 1977.

Wet op Verbruikersake (Onbillike sakepraktyke) 71 van 1988.

Wet op Verkoop- en Diensaangeleenthede 25 van 1964.

Wet op Vervreemding van Grond 68 van 1981.

Wet op Voedingsmiddels, Skoonheidsmiddels en Ontsmettingsmiddels 54 van 1972.

## 2. Regspraak

Afrox Healthcare Bpk v Strydom 2002 (6) SA 21 (HHA).

Alpha Trust (Edms) Bpk v Van der Watt 1975 (3) SA 734 (A).

Bank of Lisbon and South Africa Ltd v De Ornelas 1988(3) SA 580 (A).

Barkhuizen v Napier 2007 (5) SA 323 (SCA).

Brisley v Drotsky 2002 (4) SA 1 (SCA).

Burger v Central South African Railways 1903 TS 571.

Cedarmont Store v Webster & Co 1922 TPD 106.

Celliers v Papenfus & Rooth 1904 TS 73.

De Vries v Wholesale Cars 1986 2 SA 22 (O).

Dibley v Furter 1951 (4) SA 73 (K).

Frumer v Maitland 1954 (3) 840 (A).

Gengan v Pathur 1977 1 SA 826 (D).

Gibson v Payn 1899 16 SC 289.

Glaston House (Pty) Ltd v Inag (Pty) Ltd 1977 (2) SA 846 (A).

Holmdene Brickworks (Pty) Ltd v Roberts Construction Co Ltd 1977 (3) SA 670 (A).

Lammers & Lammers v Giovannoni 1955 (3) SA 385 (A).

Mannix & Co v Osborn 1921 OPD 138.

Mdakane v Standard Bank of SA Ltd 1999 (1) SA 127 (W).

Nunan v Meyer (1905) 22 SC 203.

Par Excellence Colour Printing (Pty) Ltd v Ronnie Cox Graphic Supplies (Pty) Ltd 1983 (1) SA 295 (A).

Suisse v Rotterdamsche Kolen Centrale 1966 2 All Er 69.

York v Jones 1962 (1) SA 65 (SR).

## B) Sekondêre bronne

### 1. Boeke

Cartwright P (1999) *Consumer Protection in Financial Services* International: Kluwer Law.

Joubert WA (2000) *The Law of South Africa (LAWSA)* Durban: Butterworths

Kerr AJ (2004) *The Law of Sale and Lease 3e uitgawe* Durban: LexisNexis Butterworths.

Lötz DJ & Nagel CJ (2002) *Besondere Kontrakte in die Hof 2e uitgawe* Durban: Butterworths.

MacKeurten HG (1972) *The Law of Sale of Goods in South Africa 4e uitgawe* Kaapstad: Juta.

McQuoid-Mason D *et al* (1997) *Consumer Law in South Africa* Kenwyn: Juta.

Mostert DF *et al* (1972) *Die Koopkontrak* Durban: Butterworths.

Nagel CJ *et al* (2006) *Kommersiële Reg 3e uitgawe* Durban: LexisNexis.

Van Eeden EP (2009) *A Guide to the Consumer Protection Act* Durban: LexisNexis.

Van Zyl DH (1977) *Geskiedenis en Beginsels van die Romeinse Privaatreg* Durban: Butterworths.

## 2. Tydskrifartikels

Candy G "Protection is coming" (2009) 339 *Personal Finance Newsletter* 5.

Du Plessis MA "Towards better service delivery by consumer courts" (2008) 20 *South African Mercantile Law Journal* 74.

Du Preez ML "The Consumer Protection Bill: A few preliminary comments" (2009) 1 *Tydskrif vir die Suid-Afrikaanse Reg* 58.

Ensor L "Barrage of criticism of consumer bill" 08 September 2008 *Business Day* 1.

Lewis J "Fairness in South African contract law" (2003) 120 *South African Law Journal* 330.

Lötz DJ "Die Koopkontrak: 'n Historiese terugblik (Deel 1)" (1991) 24 *De Jure* 217.

Lötz DJ "Die Koopkontrak: 'n Historiese terugblik (Deel 1)" (1992) 25 *De Jure* 143.

Morrisey C & Coetzee A "Does this mean *voetsek voetstoots?*" (2010) 10 *Without Prejudice* 12.

Nagel CJ "Die regsposisie van 'n verkoper waar uitwinning dreig" (2005) 17 *South African Mercantile Law Journal* 375.

Naudé T "Enforcement procedures in respect of the consumer's right to fair, reasonable and just contract terms under the Consumer Protection Act in comparative prospect" (2010) 127 *South African Law Journal* 515.

Naudé T "The consumer's right to fair, reasonable and just terms under the Consumer Protection Act in comparative perspective" (2009) 126 *South African Law Journal* 505.

Naudé T "Unfair contract terms legislation: the implication of why we need it for its formulation and application" (2006) 17 *Stellenbosch Law Review* 361.

## C) Ander

"Draft Green Paper on the Consumer Policy Framework" Beskikbaar by: http://www.info.gov.za/view/DownloadFileAction?id=68916 (16-08-2010)

"National Consumer Survey" Beskikbaar by http://www.dti.gov.za/protectingconsumers/nationalconsumersurvey.pdf (16-08-2010).

South African Law Commission Project 47: *Unreasonable Stipulations in Contracts and the Rectification of Contracts* Discussion paper 65 1996.

"Synopsis of submissions made on the Consumer Protection Bill" Beskikbaar by http://www.pmg.org.za/files/docs/080625submissions.pdf. (13-08-2010).